

HOOFSTUK 5

DIE LEWENSWAARDIGHEIDSPROGRAM VIR VROEË VOLWASSENES

5.1 Inleiding

Tydens die voorafgaande hoofstuk is daar aandag gegee aan Rothman & Thomas se model van programontwikkeling. Met inagneming van die voorge-noemde faktore aangaande programontwikkeling, gegrond op veertien jaar professionele praktykervaring en teoretiese literatuur begronding, is 'n lewensvaardigheidsprogram ontwikkel. Die program word gevolglik inhoudelik weergegee.

5.2 Die oogmerke van die lewensvaardigheidsprogram

Ten einde die vroeë volwassene tot selfverwesenliking, uitbouing van sy volle potensiaal en maksimale psigososiale funksionering te bemagtig, is die oogmerke van die lewensvaardigheidsprogram:

- Om die fundamentele lewensvaardighede naamlik die vorming en vestiging van die selfpersepsie en interpersoonlike verhoudings te bemeester.
- Om die spesifieke lewenskeuses van toepassing op die lewensfase waarin die vroeë volwassene homself bevind, suksesvol uit te voer en te implementeer. Dit sluit die keuse van 'n beroep, die keuse van 'n lewensmaat en effektiewe persoonlike bestuur in.

- Om strategieë en instaatstellende aktiwiteite, naamlik probleem-oplossende- en besluitnemingsvaardighede, asook aktiewe leer, inoefening en vernuwingsvaardighede suksesvol te bemeester.

Die lewensvaardigheidsprogram fokus gevolglik op die onderstaande temas wat toegelig en bespreek sal word.

5.3 Die inhoud van die lewensvaardigheidsprogram

Die lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes strek oor ses sessies wat oor ses agtereenvolgende weke aangebied word en wat elk +/- 2 ure duur.

Vir die doeleindes van die navorsing, is die program oor 'n vasgestelde tydperk aangebied. Die program kan egter met gemak oor 'n langer of korter tydperk aangebied word. Addisionele temas en langer sessies of korter sessies kan na gelang van die teikengroep se behoeftes bygevoeg word. Die waarde van die program is dus juis geleë in die feit dat dit buigbaar is.

TEMA 1: "Wie is ek"

Doelwitte van sessie een

- Die ontmoeting van die individue in die groep ten einde 'n ken-en-vertrouensverhouding daar te stel.
- Die kontrksluiting met die groeplede asook die verduideliking van prosedures, doelstelling en doelwitte van die lewensvaardigheidsprogram.
- Die uitvoer van die voortoets met behulp van die geselekteerde genoemde gestandaardiseerde assesseringsinstrumente (Die Selfpersepsie Skaal en Psigososiale Funksionering Inventaris).

- Die voltooiing van die Selfbeeldvraelys van Hudson (Bylae 1).

Verloop van Sessie 1

- Bekendstelling van individue in die groep aan mekaar en aan die professio-nale begeleier.
- Die uitvoer van die voortoets.
- Identifisering van elke individu se behoeftes in terme van die aanleer van lewensvaardighede.
- Voltooiing van die Selfbeeldvraelys van Hudson, bespreking en verwerking daarvan.
- Identifisering van positiewe en negatiewe aspekte (areas) van die selfpersepsie, met inagneming van die fisiese self, die gevoel van eie waarde, selfvertroue en interpersoonlike verhoudings.
- Die opstel van 'n lys van persoonlike kragte en swakhede ("sonkolle en vrotkolle") deur elke individu.
- Bespreking van die kragte en swakhede van die individu. Die individu moet een swakheid identifiseer waaraan hy die komende week aan gaan werk. Die praktiese wyse van hoé daaraan gewerk word, word saam bespreek en uitgespel.
- Die identifisering van die kort- en langtermyn doelwitte van die individue in die groep in terme van alle lewensterreine: Beroepsgewyse, verhoudings, persoonlike ideale, en religieuse aspirasies.

- Die bespreking van motiveringstrategieë ter bevordering van die individuele selfpersepsie.
- Uitdeel van die temperamentsvraelys om tuis te voltooi en te verwerk, ten einde die temperamentsgroep van elke individu te bepaal (Bylae 3).

Sessie materiaal: * Selfbeeldvraelys van Hudson (Bylae 1).

* Potensiaal- en doelwitformulering skedule (Bylae 1).

TEMA 2: Temperament en doelstellings

Doelwitte van sessie twee

- Om terugvoer van die individue in die groep te verkry oor sy sukses al dan nie van die swakhede (vrotkolle) waaraan hy gewerk het.
- Om die temperamentsvraelys te verwerk en te bespreek (Bylae 3).
- Om die onderlinge invloed tussen selfpersepsie, temperament en persoonlike doelwitte te illustreer.
- Om 'n praktiese hulpmiddel bestaande uit sewe stappe, aan die individu beskikbaar te stel om hom behulpzaam te wees met die vestiging van 'n positiewe selfpersepsie, interpersoonlike verhoudings, doelwitformulering, selfmotivering en toekomsgerigtheid.

Verloop van sessie 2

- Verkry terugvoer van die individue se sukses al dan nie van die "vrotkol" waaraan hy gewerk het.
- Kies die volgende een waaraan die individu gaan werk.

- Bespreking van die redes en strategieë vir sukses al dan nie.
- Bespreek die verwerkte temperamentsvraelys en identifiseer tot watter temperamentsgroep die individu behoort.
- Bespreek die vernaamste kragte en swakhede van elke temperamentsgroep aan die hand van die temperamentsbylae (Bylae 3).
- Identifiseer die unieke invloed wat die temperament op sy selfpersepsie, verhoudings en lewenskeuses het.
- Identifiseer moontlike konflik- en groeiareas in terme van die individu se selfpersepsie, verhoudings, lewenskeuses en strategieë wat gevolg kan word.
- Identifiseer op watter wyse die individu se spesifieke temperamentsgroep en instaatstellende strategieë (probleemoplossing, besluitneming en aktiewe leer), sy optrede beïnvloed.
- Die uitdeel en bespreking van die 'Positiewe Herdefiniëring van die self' riglyn (Bylae 2).
- Bespreking van die tuisopdrag, naamlik om die proses van "Herdefiniëring van die self" in te oefen.
- Deel die tydsbeplanner (as deel van persoonlike bestuur) ter voltooiing tuis uit (Bylae 4).

Sessie materiaal: * Temperamentsvraelys (Bylae 3).

* "Positiewe Herdefiniëring van die "self" riglyn (Bylae 2).

TEMA 3: Persoonlike tydsbestuur

Doelwitte van sessie drie

- Om terugvoer van die individue te kry oor die sukses al dan nie van die "Positiewe herdefiniëring van die self" tegniek.
- Om persoonlike tydsbestuur as lewenskeuse in te oefen.
- Om aandag aan die beroepskeuse van die individu te gee.

Verloop van Sessie 3

- Verkry terugvoer van die individu oor die inoefening van die sewe stappe van die "Positiewe herdefiniëring van die self" tegniek.
- Die bespreking en evaluering van die weeklikse tydsbeplanner van die individu.
- Identifiseer die individu se beplanning ten opsigte van die fisiese-, sosiale-, emosionele-, religieuse- en intellektuele dimensie. Skryf aktiwiteite neer en prioritiseer hulle. Skryf keerdatus neer waar moontlik.
- Bespreek die huidige stand van beroepskeuse, huidige studies en voorbereiding van toetrede tot die arbeidsmark.
- Deel die tuisopdrag uit naamlik om positiewe- en negatiewe interaktiewe situasies met ander neer te skryf. Inoefening van hierdie situasies sal tydens die volgende sessies met hulp van 'n rollespel geskied.
- Bespreek suksesvolle stresshanteringstrategieë.

Sessie materiaal: * Persoonlike tydsbestuur riglyn (Bylae 4).
* Beroepskeuse & toetrede tot arbeidsmark riglyn (Bylae 4).

TEMA 4: Kommunikasievaardighede en verhoudings

Doelwitte van sessie vier

- Om die vorming en vesting van interpersoonlike verhoudings te identifiseer en in te oefen.
- Om positiewe- en negatiewe interaktiewe situasies te identifiseer en dienooreenkomstig met behulp van rollespel in te oefen.
- Om die verskillende soorte verhoudings deur middel van 'n groepsgeprek te identifiseer.

Verloop van Sessie 4

- Die inoefening van positiewe interpersoonlike interaksie deur gevallestudies en rollespele.
- Die inoefening van die hantering van negatiewe interpersoonlike interaksie deur gevallestudies en rollespele.
- Die bespreking van kommunikasie- en konflikthanteringsvaardighede.
- Die identifisering van leemtes in die individu se interpersoonlike verhoudings.

- Die opstel van aksiestappe en keerdatusms om hierdie leemtes aan te spreek.
- Die identifisering van die positiewe- en negatiewe interaksie patrone van die individu en sy gesin, familie, vriende en maat van die teenoorgestelde geslag.
- Die uitdeel van die inligtingsblad oor die veertien komponente van 'n verhouding met die teenoorgestelde geslag (Bylae 5).

Sessie materiaal: * Gevallestudies en rollespel (Word tydens sessie uitgedeel).

TEMA 5: Die keuse van 'n lewensmaat en die 14 komponente van 'n verhouding

Doelwitte van Sessie 5

- Om die keuse van 'n lewensmaat toe te lig deur die veertien verhoudingskomponente te bespreek.
- Om deur middel van bespreking kennis oor te dra en verhoudingsverryking (verhoudingsbou) te bevorder.
- Om problematiese verhoudingsaspekte in te oefen.

Verloop van Sessie 5

- Bespreking van die veertien komponente van 'n verhouding naamlik:
 - * Gesin van herkoms.
 - * Selfbeeld.

- * Temperament
 - * Geloofsgroei en waardes
 - * Seksualiteit en intimiteit
 - * Skoonouers/familie
 - * Rolverdeling en beroepsbeoefening
 - * Kommunikasie
 - * Konflikhantering
 - * Behoeftes en verwagtinge van individue in die verhouding
 - * Afsonderlike- en gesamentlike groei en ruimte
 - * Ouerskap
 - * Finansies
 - * Vonk, romantiek en kreatiwiteit
- Evaluering van die kwaliteit van die vroeë volwassene se verhouding met die teenoorgestelde geslag, deur die kragte en swakhede binne die verhouding te identifiseer.
 - Die inoefening van problematiese verhoudingsaspekte.
 - Berei die individue binne die groep voor vir terminering tydens die laaste sessie.

Sessie materiaal: * Komponente van 'n verhouding (Bylae 5).

TEMA 6: Probleemoplossing, besluitneming, aktiewe leer, inoefening en vernuwing

Doelwitte van Sessie 6

- Om instaatstellende aktiwiteite en strategieë ten opsigte van probleemoplossing, besluitneming en aktiewe leer, inoefening en vernuwing, te identifiseer.

- Om die natoets uit te voer deur gebruik te maak van gestandaardiseerde metingsinstrumente naamlik die Selfpersepsieskaal, asook die Psigososiale Funksionering Inventaris.
- Terminering van die lewensvaardigheidsprogram.

Verloop van Sessie 6

- Elke individu kies 'n gevallestudie waarvolgens hy probleemoplossing en besluitneming gaan inoefen.
- Deurloop die stappe van besluitneming tydens die bespreking (Bylae 6).
- Evalueer elke individu in die groep se besluitnemingsproses.
- Bespreek die verloop van 'n suksesvolle probleemoplossingsproses (Bylae 7).
- Bespreek die proses van aktiewe eksperimentele leer, inoefening en vernuwung aan die hand van gevallestudies en rollespele tegniek.
- Bespreek die "Positiewe herdefiniëring van die self" as hulpmiddel in probleemoplossing, besluitneming, aktiewe leer, inoefening en vernuwung (Bylae 2).
- Voltooi die natoets.
- Termineer die lewensvaardigheidsprogram sessies.
- Beplan 'n opvolgessie oor drie maande indien verkies.

Sessie materiaal:

- * Gevallestudies en rollespele
- * Effektiewe besluitneming (Bylae 6).
- * Effektiewe probleemoplossing (Bylae 7).

5.4 Samevatting

Die lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes het oor ses sessies gestrek wat oor ses agtereenvolgende weke aangebied is.

Die lewensvaardigheidsprogram het ten doel om die vroeë volwassene tot selfverwesenliking, uitbouing van sy volle potensiaal en maksimale psigososiale funksionering te bemagtig.

Die **doelstellings** van die program was gerig op die vorming en vestiging van die fundamentele lewensvaardighede van die vroeë volwassene naamlik die vorming en vestiging van die selfpersepsie en interpersoonlike verhoudings.

Die doelstelling van die program was voorts daarop gerig om die vroeë volwassene tot spesifieke lewenskeuses, naamlik die keuse van 'n beroep, die keuse van 'n lewensmaat en effektiewe persoonlik bestuur te lei.

Laastens was die program daarop gerig om die vroeë volwassene instaatstellende aktiwiteite en strategieë te laat ontwikkel ten einde probleemoplossende- en besluitnemingsvaardighede, asook aktiewe leer, inoefening en vernuwing te bemeester.

Sessie een het kortliks gefokus op bekendstelling aan mekaar, die kontraktering met die professionele begeleier, asook die uitvoering van die voortoets.

Die sessie het op die selfpersepsie en selfkennis van die individu gefokus, asook op die persoonlike kragte, swakhede en kort- en langtermyn doelwitformulering.

Gedurende **sessie twee** moes die individue terugvoer gee oor die geslaagdheid al dan nie van die opdragte van die eerste sessie. Daar is ook gefokus op die temperamentsgroepe, die kragte en swakhede van elkeen asook die unieke invloed wat die temperament op die individu se eie identiteit, sy houdings, optrede en lewenskeuses het. Tuisopdragte is ontvang.

Sessie drie het gefokus op die lewenskeuses van die individu, naamlik effektiewe persoonlike bestuur en beroepskeuse, waarna aandag gegee is aan aspekte soos holistiese beplanning, die proses van beroepskeuse, tydsbestuur en voorbereiding van toetrede tot die arbeidsmark.

Sessie vier het op die inoefening van positiewe interpersoonlike verhoudings gefokus, waarna kommunikasie en konflikthanteringsvaardighede aandag geniet het.

Sessie vyf is gewy aan die keuse van 'n lewensmaat deur die veertien verhoudingskomponente te bespreek en in te oefen.

Sessie ses het gefokus op die inoefening van instaatstellende aktiwiteite en strategieë ten opsigte van probleemoplossingsvaardighede, effektiewe besluitneming, asook die bemeestering van aktiewe leer, inoefening en vernuwing. Die natoets is ook uitgevoer.

'n Opvolgssessie is oor drie maande beplan.

Na afloop van die lewensvaardigheidsprogram is 'n evaluerende gesprek met elke respondent gevoer. Indien nodig, is die respondent vir individuele terapie verwys.

Hierdie lewensvaardigheidsprogram wat met 42 respondente deurloop is, is ook empiries getoets. Die navorsingsmetodologie en vernaamste empiriese bevindinge word vervolgens in hoofstukke 6 en 7 beskryf.

Sessie materiaal: Bylae 1

Selfbeeldvraelys van Hudson

Naam:..... **Datum:**.....

Beroep:..... **Studierigting:**.....

Voltooi die volgende vraelys so eerlik as moontlik. Hierdie vraelys het geen regte of verkeerde antwoorde nie. Kies telkens een van die volgende antwoorde en vul dit in die betrokke blokkie in.

1 = Selde of nooit 2 = Af en toe 3 = Somtyds
4 = Dikwels 5 = Byna altyd of altyd

VRAELYS:

1	Ek dink dat mense nie van my sal hou as hulle my regtig goed leer ken nie.	
2	Ek dink dat ander mense met mekaar beter oor die weg kom as wat ek met mense oor die weg kom.	
3	Ek dink dat ek 'n aantreklike mens is.	
4	As ek by ander mense is, dink ek hulle is bly daaroor.	
5	Ek dink mense hou regtig daarvan om met my te praat.	
6	Ek dink dat ek 'n baie bekwame persoon is.	
7	Ek dink ek maak 'n goeie indruk op ander.	
8	Ek dink dat ek meer selfvertroue nodig het.	
9	Ek is baie senuweeagtig as ek by vreemdelinge is.	
10	Ek dink dat ek 'n oninteressante mens is.	
11	Ek dink dat ander mense meer pret as ek het.	
12	Ek voel lelik.	
13	Ek dink dat ek mense verveel.	
14	Ek dink my vriende vind my interessant.	
15	Ek dink ek het 'n goeie sin vir humor.	
16	Ek voel baie selfbewus as ek by vreemde mense is.	

17	Ek dink dit sal beter wees as ek meer soos ander mense was.	
18	Ek dink dat mense pret het as hulle by my is.	
19	Ek voel soms soos 'n vyfde-wiel-aan-die-wa wanneer ek uitgaan.	
20	Ek voel ek word meer as ander mense gemanipuleer (rondgestoot).	
21	Ek dink ek is 'n taamlik gawe ou.	
22	Ek dink dat mense regtig baie van my hou.	
23	Ek dink dat ek iemand is van wie mense maklik kan hou.	
24	Ek is bang dat ek 'n gek van my sal maak teenoor ander mense.	
25	Ek is hoogaangeskrewe by my vriende.	

Somtotaal

-25

Totaal

Kommentaar:

Hoedanig funksioneer die individu se:

- Fisiese selfbeeld
- Interpersoonlike verhoudings:.....
- Gevoel van eie waarde:.....
- Selfvertroue:.....

Bylae 1 (Vervolg)

Potensiaal en doelwitformulering skedule

1. Formuleer jou eie kort- en langtermyn doelwitte vir die huidige en oor ongeveer tien jaar.
2. Stel 'n lys op van persoonlike kragte (Sonkolle) en swakhede (Vrotkolle).

Sessie materiaal: Bylae 2

Positiewe herdefiniëring van die self

Verduidelik die werking van die denkproses deur die brein en die responsbaan te teken.

Stappe van die Positiewe Herdefiniëring van die Self:

1. Raak bewus van 'n negatiewe gedagte.
2. Herformuleer die negatiewe gedagte (al glo jy jouself nog nie).
3. Herroep/val terug op jou sonkolle.
4. Herroep/val terug op vorige suksesse of aangename situasies.
5. Aanvaar komplimente en reageer daarop.
6. Kies 'n lewensmotto (leuse), soos van toepassing op die spesifieke situasie.
7. Visualiseer:
 - (a) Sukses, positiewe situasies, en/of
 - (b) Negatiewe, ongemaklike situasies.

Stappe 1 en 2 lê veral op die kognitiewe vlak, terwyl stappe 3–7 op die emosionele vlak lê.

8. Oefen die proses in en gee terugvoering tydens die volgende sessie.

Sessie materiaal: Bylae 3

Opdrag: Sessie 2

Die temperamentsvraelys:

Hier is 'n aantal vrae oor die wyse waarop jy dink, voel en optree. Langs elke vraag is daar ruimte vir Ja, Nee of ? (wat beteken: "ek weet nie" of "soms"). Besluit hoe jy **normaalweg** optree of voel wanneer jy alleen of in die teenwoordigheid van jou maat en/of naaste lede van jou gesin is. Merk jou antwoord dienooreenkomstig.

Werk vinnig. Jou **eerste reaksie** is belangriker as 'n lang uitgerekte dinkproses. Probeer om so veel as moontlik "ja" of "nee" te antwoord. Gebruik die "?" antwoord wanneer jy **regtig** nie seker is nie, of wanneer die korrekte antwoord beslis êrens tussen "ja" en "nee" lê.

Maak seker dat jy elke vraag beantwoord en onthou dat daar geen korrekte of verkeerde antwoord is nie. Hierdie is nie 'n toets van jou vermoëns nie – dit is slegs 'n aanduiding van hoe jy dink, voel en optree.

1	Eet jy normaalweg vinniger as ander mense, al is daar geen rede tot haas nie?	Ja	?	Nee
2	Glo jy mense gewoonlik wanneer hulle jou komplimente?	Ja	?	Nee
3	Sal jy oor die algemeen verkies om by die huis te bly en jou met jou eie dinge besig te hou eerder as om by vriende te gaan kuier?	Ja	?	Nee
4	Voel jy soms dat jy nie kan omgee wat met jou gebeur nie?	Ja	?	Nee
5	Arriveer jy dikwels op die laaste nippertjie waneer jy 'n bus of trein moet haal?	Ja	?	Nee
6	Het jy oor die algemeen 'n maklike geaardheid en raak jy dus nie maklik ontsteld nie?	Ja	?	Nee
7	Dink jy gewoonlik sorgvuldig voordat jy enige besluit neem?	Ja	?	Nee
8	Vererg jy jou gou wanneer 'n ding nie op sy regte plek is nie?	Ja	?	Nee
9	Beduie jy dikwels met jou hande terwyl jy praat?	Ja	?	Nee

10	Vind jy dit betreklik maklik om jou emosies onder beheer te hou?	Ja	?	Nee
11	Wantrou jy dikwels ander mense se motiewe?	Ja	?	Nee
12	Voel jy dikwels dat mense dinge wat jy doen en sê afkeur?	Ja	?	Nee
13	Raak jy dikwels gefrustreerd wanneer jy 'n motor in stadige verkeer bestuur?	Ja	?	Nee
14	Is jy oor die algemeen tevrede met jou fisiese voorkoms?	Ja	?	Nee
15	Vind jy dit normaalweg by 'n sosiale byeenkoms moeilik om jouself aan vreemdelinge voor te stel?	Ja	?	Nee
16	Voel jy dikwels rusteloos – asof jy iets soek, maar nie seker is wat nie?	Ja	?	Nee
17	Is mense wat baie versigtig bestuur gewoonlik vir jou 'n bron van irritasie?	Ja	?	Nee
18	Kom jy normalweg self tot 'n besluit, ongeag van wat ander mense mag dink?	Ja	?	Nee
19	Kan jy oor die algemeen geduldig opspaar vir 'n duur artikel wat jy wil koop?	Ja	?	Nee
20	Het jy 'n paar slegte gewoontes wat jy soms voel jy lankal van ontslae moes geraak het?	Ja	?	Nee
21	Weet ander mense gewoonlik wat in jou gedagtes en gemoedere omgaan?	Ja	?	Nee
22	Sou jy sê dat jy oor die algemeen tevrede is met jou lewe tot dusver?	Ja	?	Nee
23	Beplan jy meeste van jou aktiwiteite lank vooruit?	Ja	?	Nee
24	Bekommer jy jou dikwels oor finansiële sake?	Ja	?	Nee
25	Toon jy gewoonlik jou ongeduld wanneer iemand jou laat wag het?	Ja	?	Nee
26	Probeer jy normaalweg iemand vind om jou op te vrolik wanneer jy terneergedruk voel?	Ja	?	Nee
27	Verkiep jy oor die algemeen om 'n dokumentêre stuk op televisie te sien eerder as 'n blispel?	Ja	?	Nee
28	Word jy dikwels deur 'n skuldige gewete gehinder?	Ja	?	Nee
29	Vind jy dikwels dat jy reeds 'n besige straat oorgesteek het terwyl jou meer versigtige metgeselle nog aan die anderkant staan?	Ja	?	Nee
30	Kan jy normaalweg 'n sosiale blaps wat jy gemaak het maklik vergeet?	Ja	?	Nee
31	Hou jy meestal jou mening vir jouself indien jy dink dit sou iemand teenwoordig ontstel?	Ja	?	Nee
32	Wanneer jy 'n muurprent skeef sien hang, vind jy dit gewoonlik moeilik om te konsentreer voordat dit reggeskuif is?	Ja	?	Nee
33	Vind jy dit sinneloos om jou eie gedagtes en gevoelend gereeld te ontleed?	Ja	?	Nee

34	Het jy normaalweg spesifieke doelwitte en 'n besliste sin van rigting in jou lewe?	Ja	?	Nee
35	Indien iemand in 'n sosiale groep mening uitspreek en jy beslis daarmee verskil, sou jy normaalweg stilbly eerder as om te sê dat jy nie saamstem nie?	Ja	?	Nee
36	Voel jy dikwels dat daar nie veel in jou lewe is waarop jy trots is nie?	Ja	?	Nee
37	Is jy gewoonlik baie spraaksaam wanneer jy saam met bekende persone verkeer?	Ja	?	Nee
38	Voel jy meestal dat jou lewe nuttig en 'n bydrae tot die gemeenskap is?	Ja	?	Nee
39	Lees jy gewoonlik die waarborg voordat jy 'n elektriese toestel koop?	Ja	?	Nee
40	Verkies jy meestal om 'n taak self af te handel eerder as om dit te delegeer, uit vrees dat niemand anders die taak so goed soos jy sal doen nie?	Ja	?	Nee
41	Doen en sê jy dinge dikwels op die ingewing van die oomblik?	Ja	?	Nee
42	Wanneer jy iets verkeerd gedoen het, kan jy normaalweg gou daarvan ver-geet en op die toekoms konsentreer?	Ja	?	Nee
43	Is jy oor die algemeen besadig en tydsaam in jou optrede?	Ja	?	Nee
44	Bly jy soms stil uit vrees dat mense sal lag of jou kritiseer vir jou standpunt?	Ja	?	Nee
45	Vertel jy dikwels grappe en snaakse stories aan jou vriende?	Ja	?	Nee
46	Lyk jou toekoms oor die algemeen belowend en rooskleurig?	Ja	?	Nee
47	Dink jy dikwels oor jou verlede en die koers wat jy tans inslaan?	Ja	?	Nee
48	Nadat jy 'n belangrike taak uitgevoer het, voel jy dikwels dat jy dit beter moes gedoen het?	Ja	?	Nee

Berekening van jou telling

E-A: Gee jouself 2 punte vir 'n ja antwoord en 1 punt vir 'n ? antwoord op elk van die volgende vrae

1, 5, 9, 13, 17, 21, 25, 29, 33, 37, 41, 45

☐

E-B: Gee jouself 2 punte vir 'n nee antwoord en 1 punt vir 'n ? antwoord op elk van die volgende vrae

3, 7, 11, 15, 19, 23, 27, 31, 35, 39, 43, 47

☐

Tel die **E-A** en **E-B** tellings bymekaar vir die **Ekstrovert** telling.

O-A: Gee jouself 2 punte vir 'n ja antwoord en 1 punt vir 'n ? antwoord op elk van die volgende vrae

2, 6, 10, 14, 18, 22, 26, 30, 34, 38, 42, 46

☐

O-B: Gee jouself 2 punte vir 'n nee antwoord en 1 punt vir 'n ? antwoord op elk van die volgende vrae


4, 8, 12, 16, 20, 24, 28, 32, 36, 40, 44, 48

☐

Tel die **O-A** en **O-B** tellings bymekaar vir die **Onemosioneel** telling.

Die vertolking van jou vraelystelling

Teken jou Ekstrovert telling op die horisontale as van die volgende diagram aan, en jou Onemosionele telling op die vertikale as aan. Trek reghoekige lyne om jou posisie met betrekking tot jou dominante temperament aan te dui.



Let Wel: Die resultate van so 'n vraelys is nie absoluut nie – hulle is slegs tentatief van aard. Jou gemoedstoestand ten tye van die beantwoording van die vraelys sal beslis sommige van jou antwoorde beïnvloed. Jy mag derhalwe vind dat jy eienskappe het wat eie is aan 'n ander temperament as die een wat op jou telkaart aangedui word.

Dit is baie selde dat iemand 'n "suiwer" temperament het. Die meeste van ons het 'n dominante temperament met 'n sterk dosis van 'n tweede temperament.

Moet ek myself wees?

Watter temperament is die beste?

Een temperament is nie beter as 'n ander een nie. Elke temperament het sy sterk punte en elke temperament het sy swakhede.

Die kenmerke wat hieronder beskryf word sal nie noodwendig almal van toepassing wees op alle persone met dié besondere temperament nie, maar hulle is nietemin verteenwoordigend van die tipiese sterk punte en swakhede van die besondere temperament.

Betekenis van die onderskeie temperamente

Die Sanguiniese Temperament

- **Sterk punte**

Goedhartig, spontaan, geesdriftig, hartlik, sosiaal, lewendig, hou van vriende, gee vryelik uiting aan gevoelens.

- **Swakhede**

Impulsief, praterig, swak wilskrag, tref maklik 'n kompromie, verander vinnig van buie, geniet dit om die middelpunt van aandag te wees, 'n sterk behoefte om deur almal aanvaar te word.

Die Choleriese Temperament

- **Sterk punte**

Selfversekerd, baanbreker, doelgerig, sterk wilsrag, selfgedissiplineerd, natuurlike leier en organiseerder.

- **Swakhede**

Emosioneel gebrekkig, onsimpatiek, dominerend, ongeduldig, selfgenoegsaam, hardkoppig, wil dinge op sy manier gedoen hê.

Die Melancholiese Temperament

- **Sterk punte**

Analities, begaafd, talentvol, kreatief, self-opofferend, vermy die kalklig, lojaal, handhaaf hoë standaarde.

- **Swakhede**

Introspektief, liggeraak, buierig, selfbejammerend, agterdogtig, pessimisties, word gou kwaad, besluiteloos, perfeksionis, self-verkleinerend.

Die Flegmatiese Temperament

- **Sterk punte**

Kalm, gemoedelik, beheerde emosies, vredemaker, hoë spannings-toleransie, dink voor optrede, droë humorsin, getrou aan vriende, betroubaar, verdraagsaam.

- **Swakhede**

Traag, onbeslis, vreesagtig, eiesinnig, huiwerig om betrokke te raak, ongeesdriftig, terughoudend, sarkasties.

(Mol, 1981: 29-30; La Haye, 1984: 9-82)

Sessie materiaal: Bylae 4

Tydsbestuur – en beplanning

1. Korttermynbeplanning

Stap 1: Stel 'n tydskedule vir 7 dae op en dui die volgende aktiwiteite aan:

- Opstaan- en slapenstyd.
- Etes.
- Vaste werk/studeer aktiwiteite soos klastye en werkstye.
- Fisiese oefentye vir byvoorbeeld draf, gimnasium en oefening.
- Tyd vir inkopies en huishoudelike aktiwiteite soos wasgoed was.
- Tyd vir ontspanning en sosialiseer. Sonder ten minste een middag of aand per week hiervoor af.
- Tyd vir geestelike aktiwiteite soos kerkbesoek, lofprijsing en Bybelstudie.

Stap 2: Stel 'n tydskedule op vir studietye en die maak van opsommings.

Hierdie beplanning moet met stap 1 geïnkorporeer word en geskied op die volgende wyse:

- Maak 'n lys van vakke en prioritiseer volgens die vak wat die meeste tyd in beslag neem of vir die individu die moeilikste is, tot die vakke wat die minste tyd verg.

- Met inagneming van stap 1 se tye, skeduleer realistiese studietye. Die individu behoort aandag aan die moeilikste vak vroeër in die week te gee, wanneer hy nog uitgerus is.
- Probeer onaangename take insake studies en opdragte so gou moontlik af te handel.
- Die individu behoort homself te beloon vir afgehandelde take.
- Met inagneming van die hoeveelheid werk, skeduleer die indeling van die tyd wat aan elke afsonderlike vak toegestaan gaan word.

Stap 3: Tesame met die weeklikse tydsbeplanner, behoort die individu 'n dagboek in 'n praktiese werkbare vorm aan te skaf (Geskrewe dagboek of 'n rekenaardagboek).

- Beplanning moet reeds die dag vooraf nagegaan te word, ten einde belangrike aspekte of take te onthou.
- Afsprake behoort aangedui te word deur die tyd wat hulle min of meer sal duur, neer te skryf.
- Reistyd behoort telkens toegelaat te word.
- Dui keerdatusms vroegtydig aan.
- Dui belangrike datums in terme van persoonlike gebeurtenisse, skool- en universiteits/Technikon vakansies aan.
- Bou motiverings- en beloningsaktiwiteite ten opsigte van veeleisende tye in.

- Monitor persoonlike stresvlakke en pas beplanning aan indien nodig.

2. Langtermynbeplanning

Beplan finansieel en tydsgewyse vir naweekwegbreke en vakansies.

3. Bespreek die opstel van 'n curriculum vitae.
4. Bespreek die voorbereiding van die eerste werksonderhoud deur veral gebruik te maak van rollespele en die tegniek van visualisering.

Sessie materiaal: Bylae 5

Komponente van 'n verhouding

Bespreek, demonstreer en oefen die komponente van 'n verhouding in deur middel van groeps gesprekke, rollespele en die vertoon van 'n video.

- Die gesin van herkoms.
- Selfbeeld.
- Temperament.
- Geloofsgroei en waardes.
- Kommunikasie.
- Konflikhantering.
- Afsonderlike en gesamentlike groei en ruimte.
- Seksualiteit en intimiteit.
- Rolverdeling en beroepsbeoefening.
- Ouerskap.
- Finansies.
- Skoonouers/familie.

- Behoeftes en verwagtinge van individue in die verhouding.
- Vonk, romantiek en kreatiwiteit.

Sessie materiaal: Bylae 6

1. Effektiewe besluitneming

Bespreek, demonstreer en oefen effektiewe besluitneming in deur gebruik te maak van rollespele, gevallestudies en die deel van persoonlike ervarings.

2. Stappe in die besluitnemingsproses

- Samel die nodige inligting in (aard van die probleem en moontlike aksieplanne).
- Analiseer en prossesseer die inligting (oorweeg, bespreek, deurdink en herorganiseer inligting).
- Individu ondersoek sy waardesisteem om te verseker dat hy 'n besluit neem wat by sy langtermyn doelwitte pas.
- Die positiewe kragte sowel as negatiewe swakhede word geïdentifiseer.
- Selekteer alternatiewe moontlikhede en oplossings. Oorweeg die voordele en nadele van elke alternatief.
- Neem 'n tentatiewe besluit of finale besluit.
- Evalueer die eindresultaat

Sessie materiaal: Bylae 7

Effektiewe Probleemoplossing

1. Bespreek, demonstreer en oefen effektiewe probleemoplossing in deur gebruik te maak van rollespele, gevallestudies en die deel van persoonlike ervarings.
2. Stappe in die probleemoplossende proses:
 - Herken 'n probleem.
 - Definieer en spesifiseer die probleem of problematiese situasie.
 - Skryf alternatiewe voorstelle vir die probleemoplossing daarvan neer.
 - Besluit watter alternatief aanvaar moet word.
 - Besluit oor die wyses waarop die geselekteerde opsies geïmplementeer moet word.
 - Evalueer die eindresultaat.
3. Bespreek die motiveringstrategieë van die eksperimentele leerproses deur middel van rollespele, gedeelde ervaring en gevallestudies.

Bylae A van navorsingsverslag

- Selfpersepsieskaal
- Psigososiale Funksionering Inventaris

HOOFSTUK 6

DIE NAVORSINGSMETODOLOGIE VAN DIE STUDIE

6.1 Inleiding

Ten einde die lewensvaardigheidsprogram empiries te toets, moet die navorser van geskikte en gepaste navorsingsmetologie gebruik maak.

Die navorsingsmetologie soos van toepassing op hierdie studie word dus vervolgens bespreek as deel van die empiriese fase van die studie. Dit omsluit 'n bespreking van die navorsingsdoelstelling, probleemstelling, navorsingsontwerp en die voorondersoek.

6.2 Navorsingsdoelstelling en probleemstelling

Soos alreeds in hoofstuk 1 aangedui is, is die doel van hierdie studie die ontwikkeling, implementering en evaluering van 'n lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes met die oog op verbeterde selfpersepsie en psigososiale funksionering.

Die probleemformulering van hierdie studie sentreer veral rondom die feit dat die vroeë volwassene dikwels presenteer met 'n gebrek aan lewensvaardighede, spesifiek van toepassing op die lewensfase waarin die individu hom bevind. 'n Gebrek aan lewensvaardighede beïnvloed die vroeë volwassene gevolglik negatief en dra onder andere by tot 'n lae selfpersepsie, gebrekkige interpersoonlike verhoudings, verhoudingsprobleme, verkeerde lewenskeuses, 'n onvermoë om die eise van die lewe te hanteer en 'n gebrek aan probleemoplossende vermoëns.

Die doelwitte van die studie is dus enersyds gerig op 'n deeglike literatuurstudie ten einde die begrip vroeë volwassenheid, die wesenskenmerke, behoeftes en probleme eie aan die betrokke lewensfase asook die wyses waarop die individu bemagtig kan word, beter te begryp. Andersyds is die studie daarop gerig om 'n empiriese ondersoek te loods wat die ontwikkeling, implementering en evaluering van die lewensvaardigheidsprogram wetenskaplik verantwoordbaar sou toets.

Die doelwitte is soos volg geformuleer:

- Om vanuit 'n literatuurstudie en teoretiese verwysingsraamwerk die fase, wesenseienskappe, probleme, behoeftes en wyses van bemagtiging van die vroeë volwassene te beskryf.
- Om deur middel van Rothman en Thomas se model, die ontwikkeling van 'n lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes te beskryf.
- Om gefundeer vanuit die literatuur en bewese praktykervaring, 'n lewensvaardigheidsprogram te ontwerp.
- Om die ontwikkelde lewensvaardigheidsprogram empiries te toets.
- Om vanuit die bevindinge van die resultate, gevolgtrekkings en aanbevelings te maak met die oog op die toekomstige toepassing van die lewensvaardigheidsprogram.

Ten einde die doelwitte te bereik, was die selektering van 'n geskikte navorsingsontwerp van kardinale belang.

6.3 Navorsingsontwerp

Fouché en De Vos (1998: 123–124) definieer die navorsingsontwerp as die plan waarvolgens data ingesamel word aan die hand waarvan hipoteses of navorsingsvrae getoets word.

In hierdie studie is 'n kwasi-eksperimentele ontwerp as die mees geskikte ontwerp geselekteer (Vergelyk Fouché & De Vos, 1998: 129). Vanweë die feit dat die studie hom nie daartoe leen om respondente ewekansig tot 'n eksperimentele en kontrole groep toe te wys nie, was 'n kwasi-eksperimentele ontwerp dus die mees uitvoerbare ontwerp.

Volgens Neuman (1997: 186) help 'n kwasi-eksperimentele ontwerp die navorser egter om veroorsakende faktore te toets in situasies waar 'n ware eksperiment moeilik of ontoepaslik is. In aansluiting hierby meen Babbie (2001: 339) ook dat die kwasi-eksperimentele ontwerp dikwels in navorsing gebruik word waar dit nie moontlik is om respondente ewekansig aan 'n eksperimentele groep en 'n kontrole groep toe te wys nie, soos wat dit die geval in hierdie studie was.

Vir doeleindes van hierdie studie het die navorser van die kwasi-eksperimentele eengroep-voortoets–natoets ontwerp gebruik gemaak, wat vervolgens toegelig word.

6.3.1 Eengroep-voortoets-natoets ontwerp

Volgens Fouché en De Vos (1998: 129) bestaan hierdie ontwerp daaruit dat daar eerstens 'n meting van die afhanklike veranderlike (O1-Voortoets) geneem word, voordat blootstelling aan die onafhanklike veranderlike (X-die program) plaasvind.

As tweede stap word die onafhanklike veranderlike (X) toegepas, en derdens word 'n verdere meting van die afhanklike veranderlike (02 - Natoets) geneem, waarna die verskillende metings (01 en 02) vergelyk word. Fouché en De Vos (1998: 130) beklemtoon dat die voortoets van die afhanklike veranderlike as basis vir die vergelyking vir die natoets gebruik word. "This design, in which a pretest precedes the introduction of the independent variable and a post-test follows it, can be used to determine precisely how the independent variable affects a particular group". Die resultate van die voor- en natoets word dus met mekaar vergelyk om die impak (gevolg of uitkoms) van die intervensie te bepaal, hoewel die navorser deurgaans bewus gebly het van tussen veranderlikes soos geslag, ouderdom en vlakke van psigososiale ontwikkeling wat 'n moontlike invloed op resultate kon hê.

Die eengroep-voortoets-natoets ontwerp kan dus soos volg voorgestel en beskryf word:

01 X 02

01 = Eerste waarneming van die afhanklike veranderlike (**Voortoets**).

X = Onafhanklike veranderlike (**Program**).

02 = Tweede waarneming van die afhanklike veranderlike (**Natoets**).

Navorser het vir die doel van die studie die kwasi-eksperimentele eengroep-voortoets-natoets ontwerp gebruik om te bepaal of die lewensvaardigheds-program vir die vroeë volwassene suksesvol benut kan word om die individu (+/-18–25 jaar) te bemagtig ten einde:

- Sekere fundamentele lewensvaardighede te bemeester;

- Sekere spesifieke lewenskeuses kenmerkend aan die lewensfase suksesvol uit te voer;
- Strategieë en instaatstellende aktiwiteite te identifiseer wat die individu in staat stel om sy volle potensiaal te bereik en maksimaal psigososiaal te funksioneer.

Die empiriese uitvoering van die kwasi-eksperimentele ontwerp kan soos volg toegelig word.

6.3.2 Uitvoering van eengroep–voortoets–natoets ontwerp

6.3.2.1 Voortoets

Die voortoets is uitgevoer met 42 vroeë volwassenes wat by die Afdeling Studente-ondersteuning aan die Universiteit van Pretoria gedurende Mei-Augustus 2001, kom aanmeld het en hulself bereidwillig verklaar het om as respondente aan die navorsingstudie deel te neem. Hierdie respondente, het met die volgende probleme en behoeftes gepresenteer:

- “Ek is nie goed genoeg nie”.
- “ Ek is so gespanne dat ek nie kan studeer/werk nie”.
- “Ek voel depressief”.
- “Ek kan niks reg doen of my volle aandag by iets bepaal nie”.
- “Ek kan nie belangrike besluite neem nie en raak oorweldig deur alles wat in my lewe gebeur”.

- “Ek sukkel met beplanning en kan nie orde skep (prioritiseer) nie”.
- “My vriendskapsverhoudings is nie na wense nie”.
- “My verhoudings by die huis is sleg”.
- “Ek het altyd alles met ywer aangepak en nou sukkel ek daarmee”.
- “Ek bekommer my oor die toekoms”.
- “My verhouding met my vriend/vriendin is ‘n fiasko”.
- “Ek is baie emosioneel/ en of aggressief”.
- “Ek het nie toekomsvisie nie”.
- “Ek vertrou mense nie, want ‘n mens kry maklik seer”.

Die voortoets is uitgevoer deur gebruik te maak van twee gestandaardiseerde meetinstrumente van die Perspektief Opleidingskollege te Potchefstroom, naamlik die Selfpersepsie Skaal (SPS) (Bylae A1) en die Psigososiale Funksionering Inventaris (PFI) (Bylae A2).

*** Die Psigososiale Funksionering Inventaris (PFI) of Psychosocial Functioning Inventory Test** omsluit twee skale naamlik die **Innerlike Interaksie Skaal (IIS)** en **Gedrag Skaal (GBS)**. Die Psigososiale Funksionering Inventaris is weer tydens die natoetsprosedure na voltooiing van die intervensie as meetinstrument aangewend.

Die Psigososiale Funksionerings Inventaris (PFI) meet die volgende:

- **Positiewe funksioneringsareas** van die individu ten opsigte van **innerlike interaksie (IIS)** asook **gedrag (GBS)**. Die konstrakte wat binne die positiewe funksioneringsareas van die individu gemeet word is:
 - Bereikingsgerigtheid
 - Tevredenheid
 - Verwagtinge
- **Negatiewe funksioneringsareas** van die individu ten opsigte van **innerlike interaksie (IIS)** asook **gedrag (GBS)**. Die konstrakte wat binne die negatiewe funksioneringsareas van die individu gemeet word is:
 - Frustrasie
 - Spanning
 - Hulpeloosheid
- **Die Self-Persepsie Skaal (SPS)** is tydens die voor- en natoets gebruik om die selfpersepsie van die respondente te meet. Hierdie skaal meet drie konstrakte, naamlik:
 - Innerlike sekuriteit
 - Selfbestuur en
 - Selfwaarde.

Nadat die voortoets afgelê is, is die onafhanklike veranderlike (intervensieprogram) geïmplementeer.

Die intervensie kan dus soos volg voorgestel word: X = Intervensie en behels die lewensvaardigheidsprogram van ses sessies wat elk twee ure duur en wat oor ses agtereenvolgende weke aangebied word. (Vergelyk hoofstuk 5).

6.3.2.2 Natoets

Nadat die respondente die lewensvaardigheidsprogram deurloop het, is dieselfde Psigososiale Funksionering Inventaris (PFI) asook die Selfpersepsie Skaal (SPS) met die Innerlike Interaksie Skaal (IIS) en Gedrag Skaal (GBS), as natoets toegepas.

Aangesien die **SPS** en die **PFI** onderskeidelik selfpersepsie, innerlike interaksie en gedrag toets, kon die positiewe/negatiewe uitkoms (invloed) van die lewensvaardigheidsprogram wetenskaplik en empiries bepaal word. Die vroeë volwassene het dus vòòr die implementering van die lewensvaardigheidsprogram enersyds oor 'n bepaalde selfpersepsie beskik en andersyds sekere innerlike reaksies beleef, wat sekere uitreagerende gedrag tot gevolg gehad het. Met hierdie belewenisse en gedrag het hulle by die Afdeling Studente-ondersteuning kom aanmeld. Die lewensvaardigheidsprogram is vervolgens geïmplementeer, waarna die meetinstrumente weereens persepsie enersyds en innerlike reaksies en gedrag op die positiewe en negatiewe funksioneringsareas andersyds getoets het.

Daar moes dus bepaal word of die deurloping van die lewensvaardigheidsprogram tot 'n nuwe geïnternaliseerde denkwysie en gedragsmanifestasie gelei het. Daar moes dus empiries bepaal word of die lewensvaardigheidsprogram suksesvol was al dan nie. Hierdie empiriese bevindinge sal in hoofstuk 7 breedvoerig bespreek word.

Vanuit bogenoemde werkswyse is dit dus duidelik dat hierdie studie gebaseer is op 'n kwantitatiewe navorsingsbenadering. Tydens kwantitatiewe navorsing is die navorser gemoeid met objektiewe waarneming, sonder om 'n eie mening of interpretasie weer te gee. Data-insamelingsmetodes fokus op skale en frekwensietellings (De Vos, 1998: 358). Binne kwantitatiewe navorsing word ook gebruik gemaak van 'n gestruktureerde, objektiewe waarnemings-tegniek soos 'n vraelys (Mouton & Marais, 1991: 167).

Tydens hierdie navorsing, soos reeds genoem, is daar gebruik gemaak van gestandaardiseerde metingskale om objektiewe metings te verkry.

Ten einde te verseker dat die mees geldige en betroubare data verkry word, is die hoofondersoek voorafgegaan deur 'n voorondersoek.

6.4 Die voorondersoek

Tydens die voorondersoek van die intervensieprogram het 'n verskynsel na vore getree, wat daartoe gelei het dat 'n tweede aangepaste implimenteringsprosedure gevolg is.

6.4.1 Eerste implimenteringsprosedure van die voor- ondersoek

Navorser het drie respondente by 'n voorondersoek betrek deur hulle aan die voortoets–intervensieprogram–natoets te onderwerp, maar het die uitvoering van die lewensvaardigheidsprogram oor **twee agtereenvolgende** dae laat verloop.

Die resultate het getoon dat die lewensvaardigheidsprogram wel suksesvol was, maar die suksesvolle verbetering was numeries gesproke klein.

Hierdie resultate is verkry deur die rekenaarprogram wat saam met die gestandaardiseerde **PFI** en **SPS** meetinstrumente aangekoop is. Die resultate het 'n skriftelike bespreking van elke respondent se vordering weergegee, asook 'n staafdiagram met die numeriese verbetering al dan nie van elke konstruk wat getoets is. Hierdie inligting kon baie sinvol in die wetenskaplike uitvoering van die geskiktheid van die vooronderzoek gebruik word.

Aangesien die navorser se studie ook gerugsteun is deur praktykervaring wat getoon het dat daar 'n groter verbetering behoort te wees, is die prosedures van die aanwending van die voortoets–intervensie–natoets na voltooiing van die eerste vooronderzoek gewysig met die oog op 'n tweede vooronderzoek.

6.4.2 Tweede implimenteringsprosedure van die vooronderzoek

'n Tweede vooronderzoek, waartydens 'n voortoets–intervensieprogram–natoets oor 6 sessies van 2 ure elk oor 6 agtereenvolgende weke aan drie ander respondente aangebied is, het aangetoon dat die navorsingsresultate van die impak van lewensvaardighedsprogram meer suksesvol was. Navorser konstateer vanuit die literatuurstudie en bewese praktykervaring dat daar 'n rede hiervoor is. Lewensvaardighede behoort oor 'n redelike tydperk ingeoefen en geïnternaliseer te word, anders is die intervensieprogram minder effektief en standhoudend (Vergelyk hoofstuk 3).

Die hoofonderzoek wat na die tweede aangepaste vooronderzoek uitgevoer is, het dus oor ses weke gestrek met 'n voortoets tydens die eerste sessie, die implementering van die lewensvaardighedsprogram van sessie 1 tot sessie 6, met 'n natoets tydens sessie 6.

Twee en veertig respondente is by wyse van doelgerigte steekproeftrekking geselekteer. Die biografiese inligting ten opsigte van die 42 respondente word in hoofstuk 7 volledig weergegee.

6.5 Samevatting

Samevattend kan dus gekonstateer word dat 'n navorsingsdoelstelling en navorsingsdoelwitte geformuleer is, nadat die probleemstelling geïdentifiseer is (Vergelyk hoofstuk 1).

Die kwasi-eksperimentele eengroep-voortoets–natoets ontwerp is gebruik. Die uitvoering van 'n verfynde lewensvaardigheidsprogram vir die vroeë volwasse is as onafhanklike veranderlike aangewend.

Die inhoud van die gestandaardiseerde **SPS** en **PFI** meetinstrumente is bespreek en toegelig, waarna die voortoets prosedure verduidelik is. Die intervensie navorsingsproses volgens die model van Rothman & Thomas ter ontwikkeling van die lewensvaardigheidsprogram, is alreeds in hoofstuk 4 breedvoerig bespreek.

In hoofstuk 7 sal daar gevolglik gefokus word op die empiriese bevindinge van die studie, ten einde te verifieer of die intervensie (lewensvaardigheidsprogram) suksesvol was al dan nie.

HOOFSTUK 7

EMPIRIESE BEVINDINGE

7.1 Inleiding

In hoofstukke twee tot vier is 'n volledige, teoretiese in-diepte studie gedoen oor die vroeë volwassene waarin aspekte soos definiëring, wesenskenmerke behoeftes, take, strategieë tot bemagtiging en die ontwikkeling van 'n lewensvaardigheidsprogram aandag geniet het. Hierdie teoretiese agtergrond was noodsaaklik vir die doel van hierdie navorsing, naamlik die ontwikkeling, implementering en evaluering van 'n lewensvaardigheidsprogram vir die vroeë volwassene. 'n Proses van intervensienavorsing is gevolg waartydens die lewensvaardigheidsprogram ontwikkel en die vooronderzoek uitgevoer is, prosedures daarna verfyn is en die program empiries geïmplementeer en geëvalueer is.

Hoofstuk 7 fokus op die bevindinge van die empiriese ondersoek.

7.2 Biografiese inligting van respondente

Die 42 respondente is geselekteer aan die hand van nie-waarskynlikheid steekproeftrekking en wel deur middel van doelgerigte steekproeftrekking. Die respondente het vrywillig by die Afdeling Studente-ondersteuning aan die Universiteit van Pretoria kom aanmeld vir hulp en ondersteuning in terme van verskillende aangebode psigososiale probleme. Die tydperk waarin die studie geloods was, was Mei–Augustus 2001.

'n Duidelike profiel van die 42 respondente kon deur middel van biografiese gegewens saamgestel word.

7.2.1 Ouerdom van respondente

Tabel 5: Ouderdom van respondente

Ouderdomsgroepe	Aantal	Persentasie (%)
18–19 jaar	13	30,95
20–22 jaar	20	47,62
23–25 jaar	9	21,43
Totaal	42	100%

Dertien respondente (30,95%) het in die ouderdomsgroep 18–19 jaar geval, 20 respondente (47,62%) in die ouderdomsgroep 20–22 jaar, terwyl 9 respondente (21,43%) die ouderdomsgroep 23–25 jaar verteenwoordig het. Die grootste verteenwoordiging het dus in die groep 20–22 jaar voorgekom.

7.2.2 Geslag van respondente

Tabel 6: Geslag van respondente

Geslag	Aantal	Persentasie (%)
Manlik	16	38,10
Vroulik	26	61,90
Totaal	42	100%

Meer vroulike as manlike respondente was teenwoordig, naamlik 16 (38,10%) manlike studente en 26 (61,90%) vroulike studente.


7.2.3 Taalvoorkeur van respondente

Tabel 7: Taalvoorkeur van respondente

Taalvoorkeur	Aantal	Persentasie (%)
Oorwegend Afrikaans	26	61,90
Oorwegend Engels	6	14,29
Engels/Afrikaans	10	23,81
Totaal	42	100%

Ses en twintig respondente (61,90%) was oorwegend Afrikaanssprekend, terwyl 6 respondente (14,29%) Engelssprekend was. 'n Totaal van 10 respondente (23,81%) was beide Engels en Afrikaans magtig.

7.2.4 Studierigting van respondente



Figuur 9: Studierigtings van respondente

Twaalf respondente (28,57%) was verteenwoordig vanuit die Fakulteit Geesteswetenskappe, terwyl 10 respondente (23,81%) die Fakulteit Ingenieurswese verteenwoordig het.

Tien respondente (23,81%) was verteenwoordig uit die Fakulteit Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe, terwyl 1 respondent (2,38%) die Fakulteit Opvoedkunde verteenwoordig het. Vyf respondente (11,90%) het die Fakulteit Natuurwetenskappe verteenwoordig, terwyl 2 respondente (4,76%) die Mediese- en Gesondheidswetenskappe fakulteit verteenwoordig het. Twee respondente (4,76%) was verteenwoordigend van die Fakulteit Regsgeleerdheid.

7.3 Empiriese resultate

Die empiriese resultate word op 'n gestruktureerde wyse aan die hand van die betrokke twee gestandaardiseerde meetinstrumente, met elk se onderskeie konstrunkte, weergegee, naamlik:

*** Psigososiale Funksionering Inventaris (PFI) of Psycho-social Functioning Inventory** bestaande uit die Innerlike Interaksie Skaal (IIS) en Gedragskaal (GBS)

Positiewe funksioneringsareas (IIS en GBS)

- Bereikingsgerigtheid
- Tevredenheid
- Verwagtinge

Negatiewe funksioneringsareas (IIS en GBS)

- Frustrasie

- Spanning
- Hulpeloosheid

* **Die Selfpersepsieskaal (SPS) of Self Perception Scale**

Soos reeds genoem bestaan die Selfpersepsieskaal (SPS) uit drie konstrukte wat kortliks soos volg beskryf kan word:

- Die konstruk **innerlike sekuriteit** word omskryf as die mate waarin die individu homself aanvaar en beleef dat hy deur andere aanvaar word. Hy hanteer kritiek positief en het 'n realistiese siening van sy kragte en swakhede. Hy beleef dus 'n gevoel van behorendheid.
- Die konstruk **selfbestuur** verwys na die bekwaamheid van die individu om take uit te voer, asook 'n realistiese evaluering hiervan.
- Die konstruk **selfwaarde** verwys na die voorraadopname van die individu in terme van sy suksesse, mislukkings en behoefte om êrens te behoort. Selfwaarde impliseer ook dat die individu oor 'n lewensdoel beskik.

Daar word eerstens gefokus op die intervalverbetering van die respondente se **totale selfpersepsie** waarna die konstrukte **innerlike sekuriteit**, **selfbestuur** en **selfwaarde** in meer besonderhede ontleed sal word.

Tabel 8: Intervalverbetering van die respondente se totale selfpersepsie


Interval	Aantal respondente	Persentasie (%)
Minder as 5 punte	6	14,29
5–9 punte	13	30,95
10–20 punte	10	23,81
21–30 punte	6	14,29
31–40 punte	3	7,14
41–50+ punte	1	2,38
Dieselfde telling	2	4,76
Puntetelling verswak	1	2,38
Totaal	42	100%

Uit bostaande tabel blyk dit dat 6 respondente (14,29%) 'n algehele verbetering van minder as 5 punte ten opsigte van hulle **selfpersepsie** getoon het. Minder as 5 punte verbetering word deurgaans as onbeduidend beskou.

Dertien respondente (30,95%) het egter 5–9 punte verbeter, 10 respondente (23,81%) het 10–20 punte verbeter, terwyl 6 respondente (14,29%) 21–30 punte verbeter het. Drie respondente (7,14%) het 'n verbetering van 31–40 punte getoon, terwyl 1 respondent (2,38%) 'n verbetering van 41–50+ punte getoon het. Twee (2) respondente (4,76%) se telling het dieselfde gebly, terwyl 1 respondent (2,38%) se telling verswak het.

Daar het dus 'n betekenisvolle verbetering by **32** van die **42** respondente plaasgevind, wat 'n persentasie van 76,19% impliseer.

As daar vervolgens op die onderskeie konstrukte van die **Selfpersepsieskaal** (SPS) gefokus word, kom die volgende interval verbeterings na vore en die konstruk **innerlike sekuriteit** word weergegee.



Figuur 10: Intervalverbetering van Konstruk: Innerlike sekuriteit op die SPS

Die empiriese bevindinge van die konstruk **innerlike sekuriteit** kan soos volg ontleed word:

Nege respondente (21,43%) het 'n verbetering van minder as 5 punte getoon. Agt respondente (19,05%) het 'n verbetering van tussen 5–9 punte getoon terwyl 9 respondente (21,43%) 'n verbetering tussen 10–20 punte getoon het. Tien van die respondente (23,81%) het 21–30 punte verbeter, terwyl 1 respondent (2,38%) 31–40 punte verbeter het. Slegs 1 respondent (2,38%) het 41–50+ punte verbeter, 3 respondente (7,14%) het dieselfde telling behou, terwyl 1 respondent (2,38%) se telling verswak het.

Voorafgaande gegewens dui daarop dat die intervensie 'n positiewe betekenisvolle verandering teweeggebring het. Volgens die gestandaardiseerde

verwer-kingskedule van SPS en PFI skale, is enige toename in punte van meer as 5 punte betekenisvol. Wanneer die verbetering 5 punte en meer is, kan daar met sekerheid aangeneem word dat daar 'n verbetering ingetree het en dat die intervensie geslaagd was.

Die konstruk, **innerlike sekuriteit** het in 29 van die 42 respondente aansienlik verbeter, wat dus bevestig dat die intervensie geslaagd was. Betekenisvol is die feit dat 10 respondente (23,81%) 'n verbetering van 21–30 punte getoon het.

Tabel 9: Interval verbetering van Konstruk: Selfbestuur op die SPS


Interval	Aantal respondente	Persentasie (%)
Minder as 5 punte	4	9,52
5–9 punte	9	21,43
10–20 punte	13	30,95
21–30 punte	4	9,52
31–40 punte	5	11,90
41–50+ punte	0	0
Dieselfde telling	5	11,90
Puntetelling verswak	2	4,76
Totaal	42	100%

Die voorafgaande tabel dui die interval verbetering in terme van die konstruk **selfbestuur** aan.

Vier respondente (9,52%) het 'n verbetering van minder as 5 punte getoon. Nege respondente (21,43%) het tussen 5–9 punte verbeter, terwyl 13 respondente (30,95%) tussen 10–20 punte verbeter het. Vier respondente (9,52%) het tussen 21–30 punte verbeter, terwyl 5 respondente (11,90%) tussen 31–40 punte verbeter het. Vyf respondente (11,90%) het dieselfde telling behaal, terwyl 2 respondente (4,76%) se telling verswak het.

Voorafgaande gegewens dui daarop dat die intervensie 'n positiewe betekenisvolle verbetering in **31** (73,81%) van die **42** respondente teweeggebring het. Dit dui daarop dat die intervensie ook in terme van die konstruk **selfbestuur** geslaagd was.

Daar sal vervolgens op die bevindinge van die laaste konstruk van selfpersepsie, naamlik **selfwaarde** gefokus word.



Figuur 11: Intervalverbetering van Konstruk: Selfwaarde op die SPS

Figuur 11 dui die interval verspreiding in terme van die puntetelling verbetering van die konstruk **selfwaarde** aan.

Nege respondente (21,43%) het 'n verbetering van minder as 5 punte getoon, 7 respondente (16,67%) het met 5–9 punte verbeter, terwyl 12 respondente (28,57%) 'n verbetering van 10–20 punte getoon het. Drie respondente (7,14%) het met 21–30 punte verbeter, terwyl 1 respondent (2,38%) met 31–40 punte verbeter het. Vyf respondente (11,90%) het 'n verbetering van tussen 41–50 punte getoon wat 'n groter verbetering as in enigeen van die voorafgaande konstrunkte (innerlike sekuriteit en selfbestuur) was.

Vier respondente (9,52%) se telling het dieselfde gebly, terwyl 1 respondent (2,38%) se telling verswak het.

Daar het dus 'n betekenisvolle verbetering by die selfwaarde van 28 respondente (66,67%) ingetree.

Die vergelykende gegewens van elke konstruk op die SPS sal vervolgens persentasiegewys aangedui word.

Tabel 10: Persentasieverbetering van die drie SPS konstrunkte en totale selfpersepsie

Konstrunkte	Persentasieverbetering
Innerlike sekuriteit	12,8571%
Selfbestuur	12,2381%
Selfwaarde	13,6428%
Gemiddelde Selfpersepsie verbetering van al die konstrunkte gesamentlik	12,9286%

Die P-waarde is klein, (0,0000) wat meebring dat betekenisvolle verskille verfyn kon word (Kleiner as 0,005 is betekenisvol). (Statistikus, J. Coetzee, Departement Statistiek, Universiteit van Pretoria).

Die konstruk **innerlike sekuriteit** van 42 respondente, het dus 'n gemiddelde verbetering van 12,8571% getoon, terwyl die konstruk **selfbestuur**, 'n verbetering van 12,2381% getoon het. **Selfwaarde** het die grootste verbetering van 13,6428% getoon. Die 42 respondente het na afloop van die implementering van die lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes, dus 'n gemiddelde selfpersepsie verbetering ten opsigte van al drie konstrunkte van 12,9286% getoon.

Die empiriese gegewens rakende die respondente se psigososiale funksionering soos verkry deur die toepassing van die Psigososiale Funksionering Inventaris, sal vervolgens weergegee word.

7.3.2 Psigososiale Funksionering Inventaris (IIS en GBS)

Die Psigososiale Funksionering Inventaris fokus op beide positiewe- en negatiewe funksioneringsareas.

7.3.2.1 Positiewe funksioneringsareas van die Psigososiale Funksionering Inventaris (IIS en GBS)

Die positiewe funksioneringsareas bestaan uit die konstrakte **bereikingsgerigtheid, tevredenheid en verwagtinge** wat met behulp van die Innerlike Interaksie Skaal (IIS) en Gedragskaal (GBS) gemeet word en wat soos volg omskryf kan word:

- Die konstruk **bereikingsgerigtheid** dui die mate aan waartoe die individu ge-organiseerd, deeglik, hardwerkend, vol selfvertroue en vol dryfkrag kan funksioneer. Hierdie konstruk omsluit ook selfmotivering, doelwitformulering, die begeerte om te groei en die aanvaarding van persoonlike verantwoordelikhede.
- Die konstruk **tevredenheid** omvat die benutting van vrye tyd, humor, interaksie met ander en die put van plesier uit die lewe. In kort dus, die mate waartoe die individu 'n gebalanseerde lewe uitleef. Dit omsluit ook die mate van innerlike belewenis van tevredenheid, geluk, vriendelikheid en gemoedsrus.
- Die konstruk **verwagtinge** verwys na die mate waartoe die individu hoopvol en optimisties oor die toekoms is. Die belewenis van kalmte

en die benutting van geleenthede, om te waag, asook die mate waartoe die individu ander ondersteun, na hul uitreik en luister.

Daar sal eerstens gefokus word op die intervalverbetering van die respondente se totale **positiewe funksioneringsareas** as geheel, waarna die konstrakte van toepassing in meer besonderhede ontleed sal word.

Tabel 11: Intervalverbetering van die respondente se totale positiewe funksioneringsareas (Bereikingsgerigtheid, Tevredenheid en Verwagtinge)


Interval	Aantal respondente	Persentasie (%)
Minder as 5 punte	9	21,43
5–9 punte	14	33,33
10–20 punte	9	21,43
21–30 punte	7	16,67
31–40 punte	1	2,38
41–50+ punte	0	0
Dieselfde telling	0	0
Puntetelling verswak	2	4,76
Totaal	42	100%

Uit Tabel 11 blyk dit dat respondente 'n betekenisvolle verbetering in terme van hul **positiewe funksioneringsareas as geheel ervaar het**.

Nege respondente (21,43%) het 'n klein verbetering van minder as 5 punte behaal. Veertien respondente (33,33%) het tussen 5–9 punte verbeter, terwyl 9 respondente (21,43%) 'n verbetering van 10–20 punte getoon het. Sewe respondente (16,67%) het 'n verbetering van tussen 21–30 punte getoon, terwyl 1 respondent (2,38%) tussen 31–40 punte verbeter het. Geen respondent se puntetelling het dieselfde gebly nie, terwyl 2 respondente (4,76%) se telling verswak het.

Die grootste verbetering het in die interval kategorie 5–9 en 10–20 punte voorgekom. Dit is ook betekenisvol dat 7 respondente (16,67%) 'n verbetering van so hoog soos 21–30 punte getoon het.

Daar sal vervolgens oorgegaan word tot die bespreking van die onderskeie konstrunkte van die **positiewe funksioneringsarea** van die Psigososiale Funksionering Inventaris (IIS en GBS). **Die intervalverbetering van die respondente se bereikingsgerigtheid (IIS) sal as eerste konstruk van die positiewe funksioneringsarea bespreek word.**



Figuur 12: Intervalverbetering van konstruk: Bereikingsgerigtheid (Innerlike Interaksie) op die PFI

Ses respondente (14,29%) het minder as 5 punte verbeter, 12 respondente (28,57%) het 5–9 punte verbeter, terwyl 14 respondente (33,33%) 10–20 punte verbeter het. Vier respondente (9,52%) het 21–30 punte verbeter en by 2 respondente (4,76%) was daar 'n verbetering van 31–40 punte. Geen respondente het 'n verbetering tussen 41–50+ punte getoon nie en geen

respondent se telling het dieselfde gebly nie. Vier respondente (9,52%) se telling het egter verswak.

Daar was 'n groot verbetering by die respondente se **bereikingsgerigtheid** (IIS). Genoemde konstruk en al die volgende konstrunkte wat bespreek word, dui daarop dat die inhoud van intervensie (lewensvaardigheidsprogram) se effektiwiteit geëvalueer is. Die intervensie word met ander woorde geëvalueer in terme van die **inhoud** van die program. Wat hiermee bedoel word is dat daar bepaal moes word of die inhoud van die intervensie (program) daartoe gelei het dat die vroeë volwassene op al die geïdentifiseerde terreine (konstrukte) 'n verbetering getoon het. In kort, was die inhoud en aanbieding van die program effektief.

Hierop kan bevestigend geantwoord word soos wat voorts ook gestaaf word deur die ontleding van die ander konstrunkte.

Tabel 12: Intervalverbetering van konstruk: Bereikingsgerigtheid (GBS) (Gedragmanifestasie)


Interval	Aantal respondente	Persentasie (%)
Minder as 5 punte	8	19,05
5–9 punte	11	26,19
10–20 punte	12	28,57
21–30 punte	5	11,90
31–40 punte	0	0
41–50+ punte	1	2,38
Dieselfde telling	4	9,52
Puntetelling verswak	1	2,38
Totaal	42	100%

Agt respondente (19,05%) het minder as 5 punte verbetering getoon, terwyl 11 respondente (26,19%) 5–9 punte verbeter het. Twaalf respondente

(28,57%) het 10–20 punte verbeter en 5 respondente (11,90%) het 21–30 punte verbeter. Geen respondente het 31–40 punte verbeter nie, terwyl 1 respondent (2,38%) met 41–50+ punte verbeter het. Vier respondente (9,52%) se tellings het dieselfde gebly terwyl 1 respondent (2,38%) se telling verswak het.

Die konstruk **bereikingsgerigtheid** (gedragsmanifestasie) het dus in 29 van die 42 respondente verbeter, wat op 'n suksesvolle intervensie dui.

Die konstruk tevredenheid (IIS) sal vervolgens aandag geniet.



Figuur 13: Intervalverbetering van konstruk Tevredenheid (IIS) (Innerlike interaksie) op die PFI

Ses respondente (14,29%) het minder as 5 punte verbeter, terwyl 13 (30,95%) 5–9 punte verbeter het. Twaalf respondente (28,57%) het 10–20 punte verbeter, terwyl 5 respondente (11,90%) 21–30 punter verbeter het. Drie respondente (7,14%) het 'n verbetering van 31–40 getoon, terwyl 1 respondent (2,38%) 41–50+ punte verbeter het. Een respondent (2,38%) elk

het dieselfde telling behou en in punte gedaal. Hierdie daling was tot dusvêr in geen geval meer as 1–2 punte nie.

Die feit dat 34 uit 42 respondente 'n beduidende betekenisvolle verbetering getoon het, dui daarop dat die intervensie suksesvol was in terme van die konstruk **tevredenheid** (innerlike reaksie).

Die interval verbetering van die respondente se tevredenheid (Gedrag) (GBS) sal vervolgens toegelig word.


Tabel 13: Intervalverbetering van konstruk: Tevredenheid (GBS) (Gedrag)

Interval	Aantal respondente	Persentasie (%)
Minder as 5 punte	5	11,90
5–9 punte	14	33,33
10–20 punte	11	26,19
21–30 punte	6	14,29
31–40 punte	1	2,38
41–50+ punte	0	0
Dieselfde telling	3	7,14
Puntetelling verswak	2	4,76
Totaal	42	100%

Vyf respondente (11,90%) het 'n verbetering van minder as 5 punte getoon, terwyl 14 respondente (33,33%) 'n verbetering van 5–9 punte getoon het. 'n Verdere 11 respondente (26,19%) het 'n verbetering van 10–20 getoon terwyl 6 respondente (14,29%) 'n verbetering van 21–30 punte getoon het. Een respondent (2,38%) het met 1 punt verbeter, geen respondente met 41–50+ punte nie en 3 respondente (7,14%) het dieselfde telling behou. Die puntetelling van 2 respondente (4,76%) het verswak.

Aangesien **32** van die **42** respondente 'n verbetering getoon het, kan gekonstateer word dat die intervensie weereens suksesvol was.

Die intervalverbetering van die respondente se verwagtinge (IIS) sal vervolgens bespreek word.



Figuur 14: Intervalverbetering van konstruk: Verwagtinge (IIS) (Innerlike Interaksie)

Vier respondente (9,52%) het 'n verbetering van minder as 5 punte getoon, 11 respondente (26,19%) 'n verbetering van 5–9 punte, terwyl 'n verdere 11 respondente (26,19%) 'n verbetering van tussen 10–20 punte getoon het. Ses respondente (14,29%) het met 21–30 punte verbeter terwyl 4 respondente (9,52%) tussen 31–40 punte verbeter het. Geen respondent het met 41–50+ punte verbeter nie, terwyl 2 respondente (4,76%) dieselfde tellings behou het. Vier respondente (9,52%) se puntetelling het verswak.

32 van die **42** respondente het 'n betekenisvolle verbetering getoon, wat dus dui op suksesvolle intervensie.

Die intervalverbetering van die respondente se verwagtinge (GBS) sal vervolgens bespreek word.

Tabel 14: Intervalverbetering van konstruk: Verwagtinge (GBS) (Gedrag)

Interval	Aantal respondente	Persentasie (%)
Minder as 5 punte	7	16,67
5–9 punte	10	23,81
10–20 punte	12	28,57
21–30 punte	4	9,52
31–40 punte	2	4,76
41–50+ punte	0	0
Dieselfde telling	2	4,76
Puntetelling verswak	5	11,90
Totaal	42	100%

Sewe respondente (16,67%) het minder as 5 punte verbeter, terwyl 10 (23,81%) 5–9 punter verbeter het. Twaalf respondente (28,57%) het 10–20 punte verbeter, terwyl 4 respondente (9,52%) 21–30 punte verbeter het. Twee respondente (4,76%) het 'n verbetering van 31–40 getoon, terwyl geen respondent met 41–50+ punte verbeter het nie. Twee respondente (4,76%) het dieselfde telling behou en 5 respondente (11,90%) se puntetelling het met 1–2 gedaal.

28 uit **42** respondente het 'n betekenisvolle verbetering getoon.

Al die positiewe funksioneringsareas se intervalverbeterings is bespreek. Die konstrunkte **frustrasie, spanning en hulpeloosheid** binne die negatiewe funksioneringsarea sal vervolgens bespreek word.

7.4.2 Negatiewe funksioneringsareas van die Psigososiale Funksionering Inventaris (IIS en GBS)

Die negatiewe funksioneringsareas van die Psigososiale Funksionering Inventaris bestaan uit die konstrakte **frustrasie**, **spanning** en **hulpeloosheid**, wat soos volg omskryf kan word:

Frustrasie dui op die mate waarin die individu onvergenoegdheid ervaar, asook die mate waartoe hy verhinder word om doelgerigte aksies as gevolg van omgewingsprobleme voort te sit. Frustrasie dui op die mate van bereiking van hul lewensaspirasies asook belewenis van woede, irritasie, ongeduld, verbittering en agterdog.

Spanning kan omskryf word as die mate waartoe die individu emosies soos oorspannenheid, senuweeagtigheid, paniek, oorlading, bekommernis, buierigheid, angstigheid en uitbranding beleef. Hierdie emosies manifesteer dikwels ook in hoof- en spierpyne en slaaploosheid.

Die konstruk **hulpeloosheid** dui op die gebrek aan doelgerigte aktiwiteite, volharding, vermyding van aktiwiteite en mense, die hantering van sake vanuit 'n negatiewe ingesteldheid en die skep van 'n neerdrukkende atmosfeer rondom hom. Dit dui ook op 'n gevoel van onbelangrikheid in terme van daaglikse aksies, 'n gevoel van verlies van beheer oor omgewingsfaktore, asook die belewenis van emosies soos verwerping, swaarmoedigheid, doelloosheid, magteloosheid en eensaamheid.

Die intervalverbetering van die respondente se totale negatiewe funksioneringsareas sal vervolgens weergegee word.

Tabel 15: Intervalverbetering van die respondente se totale negatiewe funksioneringsareas (Spanning, hulpeloosheid en frustrasie)

Interval	Aantal respondente	Persentasie (%)
Minder as 5 punte	9	21,43
5–9 punte	12	28,57
10–20 punte	13	30,95
21–30 punte	6	14,29
31–40 punte	2	4,76
41–50+ punte	0	0
Dieselfde telling	0	0
Puntetelling verswak	0	0
Totaal	42	100%

Nege respondente (21,43%) het minder as 5 punte verbeter, 12 respondente (28,57%) tussen 5–9 punte, terwyl 13 respondente (30,95%) tussen 10–20 punte verbeter het. 'n Verdere 6 respondente (14,29%) het tussen 21–30 punte verbeter terwyl 2 respondente (4,76%) 'n verbetering ten opsigte van 31–40 punte getoon het. Geen respondent het dieselfde telling met die voor- en natoetse behou nie.

Tabel 15 is 'n beskrywing van die negatiewe funksioneringsareas van die respondent. Die verbetering toon dat **negatiewe** funksioneringsareas, **spanning, hulpeloosheid** en **frustrasie** in terme van innerlike interaksie sowel as gedrag, in totaliteit **afgeneem** het wat dus 'n bevestiging is dat die intervensie suksesvol was.

Die intervalverbetering van die respondente se frustrasie (IIS) sal vervolgens aandag geniet.

**Tabel 16: Intervalverbetering van die konstruk: Frustrasie (IIS)
(Innerlike Interaksie)**

Interval	Aantal respondente	Persentasie (%)
Minder as 5 punte	4	9,52
5–9 punte	12	28,57
10–20 punte	12	28,57
21–30 punte	3	7,14
31–40 punte	4	9,52
41–50+ punte	1	2,38
Dieselfde telling	1	2,38
Puntetelling verhoog negatief	5	11,90
Totaal	42	100%

Bogenoemde tabel dui dus aan dat die frustrasie van die respondente **afgeneem** het.

Waar die puntetelling negatief verhoog het in die geval van 5 respondente (11,90%), beteken dit dat hul frustrasie gestyg het, in plaas van verbeter het. Nogtans toon die gegewens in geheel 'n beduidende verbetering (**32 uit 42** respondente).

Vier respondente (9,52%) het minder as 5 punte verbetering getoon, terwyl 12 respondente (28,57%) 5–9 punte verbeter het. Twaalf respondente (28,57%) het 10–20 punte verbeter en 3 respondente (7,14%) het 21–30 punte verbeter. Vier respondente (9,52%) het met 31–40 punte verbeter, terwyl 1 respondent (2,38%) met 41–50+ punte verbeter het. Een respondent (2,38%) se tellings het dieselfde gebly terwyl 5 respondente (11,90%) se tellings verswak het.

Die intervalverbetering van die respondente se frustrasie (GBS) sal vervolgens bespreek word.

Tabel 17: Intervalverbetering van konstruk: Frustrasie (GBS) (Gedrag)


Interval	Aantal respondente	Persentasie (%)
Minder as 5 punte	11	26,19
5–9 punte	6	14,29
10–20 punte	7	16,67
21–30 punte	1	2,38
31–40 punte	2	4,76
41–50+ punte	0	0
Dieselfde telling	5	11,90
Puntetelling verhoog negatief	10	23.81
Totaal	42	100%

Opmerklik is die groot aantal respondente wie se telling negatief verhoog het, met ander woorde frustrasie (gedrag) het verhoog. Die vorige tabel, waartydens die frustrasie (interaksie) ontleed is, toon dat daar 'n verminderde gevoel van frustrasie voorgekom het. 'n Moontlike verklaring is dat respondente met 'n verskillende intensiteit van psigososiale behoeftes en probleme aangemeld het. Sommige respondente het dus 'n behoefte aan voortgesette terapie getoon, wat na die afhandeling van die navorsingstudie terapeuties opgevang word.

Tabel 7 kan dus soos volg ontleed word:

Elf respondente (26,19%) het minder as 5 punte verbetering getoon, terwyl 6 respondente (14,29%) 5–9 punte verbeter het. Sewe respondente (16,67%) het 10–20 punte verbeter en 1 respondent (2,38%) het met 21–30 punte verbeter. Twee respondente (4,76%) het met 31–40 punte verbeter, terwyl geen respondent met 41–50+ punte verbeter het nie. Vyf respondente (11,90%) se tellings het dieselfde gebly terwyl 10 respondente (23,81%) se tellings verswak het, dus 10 respondente se gedragskaal toon 'n frustrasie toename.

Daar sal vervolgens op die konstruk spanning (IIS) gefokus word.



Figuur 15: Intervalverbetering van die konstruk: Spanning (IIS) (Innerlike interaksie)

'n Groot aantal respondente het tussen 10–20 punte verhoog. Die bostaande staafdiagram kan soos volg ontleed word.

Een respondent (2,38%) het minder as 5 punte verbeter. Nege respondente (21,43%) het daarin geslaag om die spanning (interaksie) met 5–9 punte te verlaag, 16 respondente (38,10%) het 10–20 punte verbeter en 3 respon-

dente (7,14%) het met 21–30 punte verbeter. Vyf respondente (11,90%) het met 31–40 punte verbeter, terwyl 1 respondent (2,38%) met 41–50+ punte verbeter het. Twee respondente (4,76%) se tellings het dieselfde gebly terwyl 5 respondente (11,90%) se tellings verswak het en hulle spanning met ander woorde verhoog het.

'n Moontlike verklaring vir die verhoging van spanning by 5 respondente is dat die lewensvaardigheidsprogram by sekere individue spanning kon veroorsaak. Hierdie individue het dikwels met verskeie psigososiale probleme gepresenteer en moes na die intervensie met individuele terapie opgevolg word. Die intervalverbetering tussen 41–50+ punte, het met hierdie konstruk die meeste verbetering getoon.

Daar sal vervolgens op die intervalverbetering van die respondente se spanning (gedrag) (GBS) gelet word.


Tabel 18: Intervalverbetering van konstruk: Spanning (GBS) (Gedrag)

Interval	Aantal respondente	Persentasie (%)
Minder as 5 punte	8	19,05
5–9 punte	7	16,67
10–20 punte	15	35,71
21–30 punte	2	4,76
31–40 punte	1	2,38
41–50+ punte	0	0
Dieselfde telling	3	7,14
Puntetelling verhoog negatief	6	14,29
Totaal	42	100%

Agt respondente (19,05%) het daarin geslaag om hul spanning (gedrag) met minder as 5 punte te verbeter. Sewe respondente (16,67%) het daarin geslaag om die spanning (interaksie) met 5–9 punte te verlaag, terwyl 15 respondente (35,71%) met 10–20 punte verbeter en 2 respondente (4,76%) het met 21–30 punte verbeter. Een respondent (2,38%) het met 31–40 punte verbeter, terwyl geen respondent met 41–50+ punte verbeter het nie. Drie respondente (7,14%) se tellings het dieselfde gebly terwyl 6 respondente (14,29%) se tellings verswak het en spanning met ander woorde verhoog het.

'n Totaal van **25** uit die **42** respondente het egter betekenisvol verbeter.

Daar sal vervolgens 'n ontleding van die konstruk hulpeloosheid (IIS) ge-gee word.



Figuur 16: Intervalverbetering van die konstruk: Hulpeloosheid (IIS) (Innerlike interaksie)

Ses respondente (14,29%) se hulpeloosheid het slegs met minder as 5 punte te verbeter. Sewe respondente (16,67%) het daarin geslaag om die hulpeloosheid (interaksie) met 5–9 punte te verlaag, terwyl 10 respondente (23,81%) met 10–20 punte verbeter en 5 respondente (11,90%) het met 21–

30 punte verbeter. Drie respondente (7,14%) het met 31–40 punte verbeter, terwyl 7 respondente (16,67%) met 41–50+ punte verbeter het. Twee respondente (4,76%) se tellings het dieselfde gebly terwyl 2 respondente (4,76%) se tellings verswak het. Hulle hulpeloosheid het met ander woorde vermeerder.

'n Beduidende groep van **32** uit **42** respondente het 'n betekenisvolle verbetering in terme van **hulpeloosheid** (innerlike interaksie) getoon.

Daar sal vervolgens ten slotte op die laaste konstruk, hulpeloosheid (GBS) gefokus word.

Tabel 19: Intervalverbetering van die konstruk: Hulpeloosheid (GBS) (Gedrag)

Interval	Aantal respondente	Persentasie (%)
Minder as 5 punte	1	2,38
5–9 punte	7	16,67
10–20 punte	16	38,10
21–30 punte	6	14,29
31–40 punte	3	7,14
41–50+ punte	1	2,38
Dieselfde telling	4	9,52
Puntetelling verhoog negatief	4	9,52
Totaal	42	100%

Een respondent (2,38%) se hulpeloosheid (gedrag) het met minder as 5 punte te verbeter. Sewe respondente (16,67%) het daarin geslaag om die hulpeloosheid (gedrag) met 5–9 punte te verlaag, terwyl 16 respondente (38,10%) met 10–20 punte verbeter en 6 respondente (14,29%) het met 21–

30 punte verbeter. Drie respondente (7,14%) het met 31–40 punte verbeter, terwyl 1 respondent (2,38%) met 41–50+ punte verbeter het. Vier respondente (9,52%) se tellings het dieselfde gebly terwyl 4 respondente (9,52%) se tellings verswak het en hulle hulpeloosheid (gedrag) met ander woorde verhoog het.

Die feit dat **32** uit **42** respondente betekenisvol verbeter het in terme van **hulpeloosheid** (gedrag) dui weereens daarop dat die intervensie suksesvol was. Die respondente se negatiewe funksioneringsarea het dus aansienlik verbeter.

Al die konstrunkte van die **positiewe en negatiewe funksioneringsareas (IIS en GBS)** van die **Psigososiale Funksionerings Inventaris** is bespreek.

Samevattend word die vergelykende gegewens van elke funksioneringsarea, sowel as die onderskeie konstrunkte met totale persentasie verbetering, in Tabel 20 uiteengesit.

Tabel 20: Totale Persentasieverbetering van die Psigososiale Funksionering Inventaris: Positiewe en negatiewe funksioneringsareas en konstrunkte

Konstrunkte en funksioneringsareas	Persentasie verbetering
Algehele positiewe funksioneringsareas	10,5000%
Algehele negatiewe funksioneringsareas	11,1667%
Bereikingsgerigtheid (IIS)	8,9524%
Bereikingsgerigtheid (GBS)	9,4048%
Tevredenheid (IIS)	13,1667%
Tevredenheid (GBS)	9,9048%
Verwagtinge (IIS)	11,9762%
Verwagtinge (GBS)	9,5000%
Frustrasie (IIS)	11,5000%
Frustrasie (GBS)	4,6905%

Spanning (IIS)	14,3571%
Spanning (GBS)	6,9048%
Hulpeloosheid (IIS)	17,7141%
Hulpeloosheid (GBS)	12,0952%

Die P-waarde was weereens klein.

Die **positiewe funksioneringsarea** van die 42 respondente het 'n gemiddelde persentasie verbetering van **10,5000%** getoon, terwyl die algehele **negatiewe funksioneringsareas** van 'n negatiewe invloed na 'n positiewe invloed verander het. Die verbetering ten opsigte hiervan was **11,1667%**.

Die **Bereikingsgerigtheid** van respondente (innerlike interaksie) het 'n verbetering van 8,9524% getoon, terwyl **Bereikingsgerigtheid** (gedrag) 'n verbetering van 9,4048% getoon het. **Tevredenheid** (innerlike interaksie) van respondente het met 13,1667% verbeter, terwyl **Tevredenheid** (gedrag) met 9,9048% verbeter het.

Die **Verwagting** (innerlike interaksie) het met 11,9762% verbeter, terwyl die **Verwagting** (Gedrag) met 9,5000% verbeter het.

Frustrasie (innerlike interaksie) het met 11,5000% verbeter, terwyl **Frustrasie** (gedrag) met 4,6905% verbeter het.

Spanning (innerlike interaksie) het met 14,3571% verbeter, terwyl **Spanning** (gedrag) met 6,9048% verbeter het.

Hulpeloosheid (innerlike interaksie) het met 17,7141% verbeter, terwyl **Hulpeloosheid** (gedrag) met 12,0952% verbeter het.

Daar kan dus gekonstateer word dat die empiriese gegewens daarop dui dat die lewensvaardighedsprogram vir vroeë volwassenes suksesvol was en dat 'n beduidende verbetering na die intervensie ingetree het.

7.4 Samevatting

7.4.1 Die gemiddelde ouderdom van die totale respondente groep was tussen 20–22 jaar (47,62%). Beide manlik en vroulike respondente was verteenwoordig, alhoewel die vroulike respondente in die meerderheid was (61,90%). Ses en twintig respondente (61,90%) was oorwegend Afrikaanssprekend, terwyl 6 respondente (14,29%) Engelssprekend was. 'n Totaal van 10 respondente (23,81%) was tweetalig.

7.4.2 Die 42 respondente was verteenwoordigend uit die Fakulteite Geesteswetenskappe, Ingenieurswese, Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe, Opvoedkunde, Natuurwetenskappe, Mediese- en Gesondheidswetenskappe en Regsgeleerdheid. Die hoogste persentasie verteenwoordiging het vanuit die Fakulteit Geesteswetenskappe (28,57%) en Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe (23,81%) gekom, wat ook getallewys die grootste aantal studente aan die Universiteit van Pretoria huisves.

7.4.3 Met behulp van die gestandaardiseerde **Selfpersepsieskaal**, is die konstrakte **innerlike sekuriteit**, **selfbestuur** en **selfwaarde** tydens 'n voor- en natoets gemeet.

7.4.4 Met behulp van die rekenaarverwerkingsprogram van die Selfpersepsieskaal, asook die benutting van statistiese ontledings deur 'n statistikus, kon die verbetering van die konstrakte **innerlike sekuriteit**, **selfbestuur** en **selfwaarde** bepaal word. Die persentasieverbetering van die respondente se innerlike sekuriteit was 12,8571%, selfbestuur was 12,2381% en selfwaarde was 13,6428%. Die gemiddelde selfpersepsie verbetering was dus 12,9286%.

7.4.5 Met behulp van die gestandaardiseerde **Psigososiale Funksionering Inventaris** is die konstrunkte **bereikingsgerigtheid**, **tevredenheid** en **verwagting** wat die **positiewe funksioneringsareas** verteenwoordig het, tydens 'n voor- en natoets gemeet.

7.4.6 Met behulp van die gestandaardiseerde **Psigososiale Funksionerings Inventaris** is vervolgens die konstrunkte **frustrasie**, **spanning** en **hulpeloosheid** gemeet, wat die **negatiewe funksioneringsareas** van die respondent verteenwoordig het.

7.4.7 Die algehele **positiewe funksioneringsareas** het 'n persentasieverbetering van 10,5000% getoon, terwyl die algehele **negatiewe funksioneringsareas** van 'n negatiewe na 'n positiewe invloed verander het. Die verbetering ten opsigte hiervan was **11,1667%**.

Die lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes is ontwikkel, toegepas en empiries geëvalueer. Die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings sal ten slotte in hoofstuk 8 weergegee word.

HOOFSTUK 8

Algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

8.1 Inleiding

Die inhoud van die navorsingsverslag sien soos volg daaruit: Hoofstuk 1 het gefokus op 'n algemene inleiding en uiteensetting van die studie. Die motive-ring vir die studie, die probleemformulering, die navorsingsdoelstelling en doelwitte, die navorsingshipotese, navorsingsbenadering, soort navorsing, navorsingsontwerp, navorsingsprosedures en werkwyses, die uitvoerbaarheid van die ondersoek, die populasie afbakening, wyses van steekproeftrekking, etiese kwessies, kern konsepte asook die leemtes van die studie is weerge-gee.

In hoofstuk 2 is vroeë volwassenheid as lewensfase bespreek. Vroeë volwassenheid as lewensfase presenteer met eiesoortige en unieke behoeftes en probleme wat hierdie kennisbasis noodsaaklik maak. Die fundamentele lewensvaardighede wat die vroeë volwassene moet bemeester, asook die spesifieke lewenskeuses wat tydens hierdie lewensfase uitgevoer moet word, het aandag geniet.

In hoofstuk 3 het die konsep van bemagtiging deur instaatstellende lewens-vaardigheidstrategieë, aandag geniet. Verskillende relevante lewensvaardig-hede ter sake tydens die vroeë volwasse lewensfase is geïdentifiseer, asook die positiewe en negatiewe faktore wat 'n rol in die aanleer van lewensvaar-dighede speel. Die vyf fase DASIE model is uiteengesit, asook die vernaamste bemagtigingstegnieke, strategieë en instaatstellende aktiwiteite.

In hoofstuk 4 is die ontwikkeling van 'n lewensvaardigheidsprogram aan die hand van die model van Rothman en Thomas bespreek. Daar is ook aandag geskenk aan die belangrikste elemente van belang in die ontwikkeling van 'n program, die professionele begeleier, vereiste professionele vaardighede, asook die tradisionele- en geïntegreerde rol van die maatskaplike werker.

Hoofstuk 5 is gewy aan die inhoud en verloop van die lewensvaardigheidsprogram, waartydens sekere temas onderskei is.

Hoofstuk 6 is gewy aan die spesifieke navorsingsmetodologie van die studie. Die eengroep-voortoets–natoets is bespreek, waarna die inhoud en toepassing van die twee gestandaardiseerde metingskale aandag geniet het.

In hoofstuk 7 is die empiriese ondersoek wat voorafgegaan is deur die ontwikkeling, aanbieding en evaluering van die lewensvaardigheidsprogram, bespreek. Die kwantitatiewe data soos tydens die ondersoek verkry is, is volledig bespreek en visueel weergegee.

In hoofstuk 8 is die algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings van die vorige hoofstukke weergegee asook die toetsing van die doelstelling, doelwitte en navorsingshipotese.

8.2 Hoofstuk 1: Algemene inleiding en uiteensetting van die studie

8.2.1 Samevatting

Die behoefte aan 'n lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes in die hedendaagse veeleisende samelewing, is bespreek, met verwysing na eksterne faktore in die gemeenskap wat groter vaardigheid vereis.

Die vroeë volwassene wat gekonfronteer word met verskillende behoeftes, probleme en uitdagings, eie en uniek aan die lewensfase waarin hy hom bevind, het die behoefte aan 'n wetenskaplik gefundeerde lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes laat ontstaan. Hierdie behoefte is gerugsteun deur veertien jaar praktykervaring in hierdie spesifieke veld, asook die samelewing wat meer as net akademiese vaardighede vereis het.

Die probleem is geformuleer in terme van die toenemende gebrek aan toepaslike lewensvaardighede, die eise van die hedendaagse samelewing en die feit dat 'n gebrek aan lewensvaardighede die individu negatief beïnvloed ten opsigte van sy maksimale psigososiale funksionering. 'n Lewensvaardigheidsprogram wat ontwerp, ontwikkel en wetenskap getoets is, het nie bestaan nie.

Die doelstelling van die studie was dus om 'n lewensvaardigheidsprogram ter bemagtiging van die vroeë volwassene met die oog op verbeterde selfpersepsie en psigososiale funksionering te ontwikkel, te implementeer en te evalueer. Vanuit hierdie doelstelling het verdere doelwitte voortgespruit naamlik:

- Om vanuit 'n literatuurstudie en teoretiese verwysingsraamwerk, die fase, wesenseienskappe, probleme, behoeftes en wyses van bemagtiging van die vroeë volwassene te beskryf.
- Om deur middel van Rothman en Thomas se model, die ontwikkeling van 'n lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes te beskryf.
- Om gefundeer vanuit die literatuurstudie en bewese praktykervaring 'n lewensvaardigheidsprogram te ontwerp.
- Om die ontwikkelde lewensvaardigheidsprogram empiries te toets.

- Om vanuit die bevindinge van die resultate, gevolgtrekkings en aanbevelings te maak met die oog op die toekomstige toepassing van die lewensvaardigheidsprogram.

Die hipotese is soos volg geformuleer: Indien die lewensvaardigheidsprogram aan die vroeë volwassene aangebied word, sal dit geen invloed op die selfpersepsie en psigososiale funksionering van die individu hê nie. Die nul hipotese maak die stelling dat daar **geen** verband bestaan nie, met ander woorde dat die aanbieding van die lewensvaardigheidsprogram **geen** invloed op die vroeë volwassene se selfpersepsie en psigososiale ontwikkeling het nie.

Tydens hierdie navorsing is die nul hipotese verkeerd bewys, en is dus nie waar nie. Die alternatiewe hipotese is dus aanvaar. Die nege konstrakte waaruit die twee gestandaardiseerde metingsinstrumente bestaan het, het ook nege subhipoteses genoodsaak wat volledig onder 8.9 bespreek word.

'n Kwantitatiewe navorsingsbenadering is vir hierdie studie gebruik, terwyl intervensienavorsing as die soort navorsing gebruik is. Intervensienavorsing kan beskryf word as die ontwikkeling, aanbieding en evaluering van 'n intervensie program. Die proses van intervensienavorsing was dus van toepassing op die doelstelling van die ondersoek.

Die program is na aanleiding van 'n deeglike literatuurstudie, asook gegrond op bewese praktykervaring ontwikkel. Die voorondersoek wat aangewend en aangepas is, het die inhoud van die program asook die uitvoering daarvan verfyn.

Die finale aanbieding van die program is aan hand van 'n kwasi-eksperimentele ontwerp gedoen. Die eengroep-voortoets-natoets ontwerp is aangewend, terwyl die respondente deur middel van doelgerigte steekproeftrekking, volgens sekere voorafbepaalde kriteria, geselekteer is. Twee en veertig respondente is ingesluit. Die eengroep-voortoets-natoets is uitgevoer deur

gebruik te maak van twee gestandaardiseerde metingskale, naamlik die Psigososiale Funksionering Inventaris en die Selfpersepsie Skaal, wat nege verskillende konstrunkte getoets het.

8.2.2 Gevolgtrekkings

Vanuit die algemene inleiding tot die ondersoek kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Die vroeë volwassene word gekonfronteer met verskillende behoeftes, probleme en uitdagings eie en uniek aan die lewensfase waarin hy hom bevind. Trouens elke lewensfase van die individu vereis 'n besondere mate van lewensvaardigheid ten einde psigososiaal suksesvol te funksioneer.
- Bogenoemde gevolgtrekking is gerugsteun deur literatuurstudie, onderhoude met internasionale en nasionale kenners, konferensies en praktykervaring.
- Eksterne faktore op sosiale-, ekonomiese- en politieke terrein verg 'n al groter vaardigheid van die vroeë volwassene waaraan nie genoegsaam aandag gegee word nie. Die vroeë volwassene kry dikwels nie op skool of daarna 'n geleentheid om noodsaaklike lewensvaardighede aan te leer nie.
- Die gebrek aan lewensvaardighede het 'n nadelige invloed op die psigososiale funksionering van die vroeë volwassene, aangesien dit die individu nadelig beïnvloed ten opsigte van sy selfpersepsie, interpersoonlike verhoudings, lewenskeuses, doelwitformulering en lewensmotivering. Hierdie gevolgtrekking kan gerugsteun word deur die aantal vroeë volwassenes wat by die Afdeling Studente-ondersteuning aan die Universiteit van Pretoria aanmeld met spesifieke aangebode psigososiale probleme (Vergelyk hoofstuk 6).

- Die aanbieding van 'n lewensvaardigheidsprogram kan dus as 'n voorkomende aksie in die aanspreek van bogenoemde behoeftes en probleme beskou word.
- Die proses van intervensie navorsing blyk baie geskik te wees, nie alleen vir die ontwikkeling van 'n nuwe intervensieprogram nie, maar ook vir die wetenskaplike evaluering daarvan.
- Die gebruik van die kwantitatiewe navorsingsbenadering dra daartoe by dat die navorsingsresultate statisties bevestig kon word, aangesien van die deduktiewe vorm van beredenering gebruik gemaak is. Data is dus deur middel van presiese getalle ingesamel wat die program, hipoteses en teorieë geassesseer het en presiese meting teweeg gebring het. Die kwantitatiewe navorsingsbenadering het ook meegebring dat die data objektief gemeet is, hipoteses getoets is en menslike gedrag voorspel en gekontroleer kon word.
- Doelgerigte steekproeftrekking was positief uitvoerbaar tydens hierdie studie, aangesien die respondente geselekteer kon word op grond van kenmerkende, verteenwoordigende eienskappe van die betrokke populasie. Alhoewel die steekproef klein was, het die intervensie steeds beduidende positiewe resultate getoon en het die benutting van gestandaardiseerde metingsinstrumente die navorser in staat gestel om die intervensie te herhaal en empiries te toets.
- Die term vroeë volwassenheid as sulks is nie in die literatuur beskryf nie. Dit het 'n besondere uitdaging aan die navorser gestel om hierdie term te definieer.

8.2.3 Aanbevelings

- Alhoewel die kwantitatiewe navorsingsbenadering as toepaslik bevind is, kan aanbeveel word dat toekomstige navorsing aandag aan 'n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing gee ten einde selfs meer in diepte data te verkry.
- Dit word aanbeveel dat die lewensvaardigheidsprogram ook met ander etniese groeperings deurloop behoort te word en dat daar tydens dié proses nie rigied na die ouderdomsgroep van die respondente gekyk word nie.

8.3 Hoofstuk 2: Vroeë volwassenheid as lewensfase

8.3.1 Samevatting

Die term vroeë volwassenheid word selde spesifiek in die literatuur by name genoem en word dikwels teruggevoer na die term adolessensie.

Die vroeë volwassene is 'n individu tussen ongeveer 18 en 25 jaar wat sy skoolopleiding voltooi het en hom tersiër bekwaam of tot die arbeidsmark toetree. Die individu is besig met 'n uitsorteer proses "op pad na volwassenheid". Sekere fundamentele lewensvaardighede behoort in hierdie dinamiese tydperk bemeester te word, terwyl lewensbelangrike keuses terselfder tyd uitgeoefen moet word. Die fase van vroeë volwassenheid kan egter nie net in terme van ouderdom alleen bepaal word nie, aangesien sekere kulture en bevolkingsgroepe ook andersoortige betekenis aan ouderdom heg.

Daar bestaan vier ontwikkelingsareas van die vroeë volwassene wat gekenmerk word deur eienskappe waarvan kennis geneem moet word. Die vorming van 'n selfpersepsie asook die vestiging van interpersoonlike verhoudings is

die twee belangrikste fundamentele lewensvaardighede wat die vroeë volwassene moet bemeester. Hieruit vloei die belangrike lewenskeuses soos die keuse van 'n beroep, 'n lewensmaat en die keuse van effektiewe persoonlike bestuur.

Die vorming en vestiging van selfpersepsie beïnvloed die individu dwarsdeur sy lewe. Komponente wat die vorming van selfpersepsie beïnvloed is: bewuswording van liggaam, selfagting, die ontwikkelingsproses, gevoelens asook persoonlike en sosiale faktore.

Die vorming en vestiging van interpersoonlike verhoudings as tweede fundamentele lewensvaardigheid, word gevorm en gevestig deur kommunikasievaardighede, gesinsverhoudinge, skeiding- of losmaakproses van die ouers, die gesin as hoofsosialiseringsagent en die invloed van die portuurgroep en verhoudings met die teenoorgestelde geslag.

Spesifieke lewenskeuses wat die vroeë volwassene moet maak is die keuse van 'n beroep, lewensmaat en effektiewe persoonlike bestuur.

Ter voorbereiding van die beroepskeuse, is daar 'n fase van gereedmaak en inwin van inligting wat deurloop moet word. Die wyse van toetrede tot 'n beroep en die vaardighede daaraan verbonde, is ook belangrik.

By die keuse van 'n lewensmaat is dit belangrik om die verskille tussen 'n tradisionele en moderne huwelik te identifiseer, asook die belangrikheid van huweliksvoorbereiding- en begeleiding.

Die veertien komponente ter sake in 'n verhouding is: die gesin van herkoms, selfbeeld, temperament, seksualiteit en intimiteit, kommunikasie, konflikhantering, afsonderlike- en gesamentlike groei en ruimte, beroepsbeoefening en rolverdeling, ouerskap, finansies, skoonouers-/familie, geloofsgroei, unieke behoeftes/verwagtinge, asook vonk, romantiek en kreatiwiteit.

Die keuse van effektiewe persoonlike bestuur omsluit vier onderskeibare dimensies, die bestuur van mense volgens 'n proses, die bemeestering van spesifieke lewensvaardighede in die verband, effektiewe tydsbestuur, sport, vryetydsbesteding en oefening asook effektiewe stresbestuur.

8.3.2 Gevolgtrekkings

Die volgende gevolgtrekkings kan na aanleiding van die ondersoek na vroeë volwassenheid as lewensfase gemaak word:

- Die veeleisende lewensfase van vroeë volwassenheid vra na intervensie met die oog op die voorkoming en bestuur van probleme. Aangesien die jeug uitgesonder is as 'n teikengroep van die Witskrif, korrespondeer intervensie deur middel van 'n lewensvaardighedsprogram vir vroeë volwassenes, hiermee.
- Lewensvaardighedsprogramme behoort altyd ontwikkel en aangepas te word met die oog op die vroeë volwassene se voortdurende veranderde behoeftes, probleme en eise van die samelewing. Buigsaamheid is dus belangrik.
- Soos blyk uit die literatuur, word die lewensfase van vroeë volwassenheid gekenmerk deur eiesoortige identifiseerbare eise, behoeftes en selfs verantwoordelikhede teenoor hulleself en dikwels die aanwesige ouers.
- Verskillende faktore speel 'n rol by die vorming en vestiging van die selfpersepsie en interpersoonlike verhoudings en hierdie faktore se intensiteit, aanwesigheid en invloed verskil van individu tot individu.
- Die suksesvolle keuses van 'n beroep, lewensmaat of persoonlike bestuur het 'n bepalende invloed op die selfpersepsie en psigososiale funksionering

van die individu. Hiervolgens beoordeel die individu hom dikwels as suksesvol al dan nie.

- Suksesvolle keuses kan slegs uitgevoer word indien die individu genoegsame kennis hieroor beskik. Die literatuur en praktykervaring toon dat keuses dikwels lukraak en oningelig geneem word. Die professionele begeleier het dus 'n verantwoordelike en uitdagende taak wat later in meer besonderhede bespreek sal word.
- Die veeleisende arbeidsmark en die samelewing vereis dat die vroeë volwassene vroegtydig volledige inligting hieromtrent sal insamel. Wanneer 'n beroepskeuse uitgevoer is, behoort die individu vervolgens goed voorbereid te wees op toetrede tot die arbeidsmark. Akademiese vaardighede alleen is nie meer genoeg nie aangesien die arbeidsmark en beroepslewe te hoë eise aan die individu stel, waarvan hy moet kennis dra en homself terdeë daarvoor moet voorberei.
- Uit die literatuurstudie, konsultering met kenners en die navorser se praktykervaring, blyk dit dat die vroeë volwassene meestal onkundig is oor die komponente van 'n verhouding, die verskille tussen tradisionele en moderne huwelike en die waarde van huweliksvoorbereiding- en berading.
- Die keuse van effektiewe persoonlike bestuur is 'n aspek waarmee die vroeë volwassene baie vinnig mee gekonfronteer word as hy die skool verlaat en begin werk of studeer. 'n Gebrek aan hierdie lewensvaardigheid, beïnvloed sy totale psigososiale funksionering negatief, aangesien mislukking op verskeie lewensterreine (akademies, sosiaal en emosioneel) ervaar word.
- Die keuse van effektiewe persoonlike bestuur behoort, net soos die ander genoemde keuses, inge oefen te word en die individu behoort oor 'n deeglike kennis hiervan te beskik. Daar bestaan weinig geleenthede waar

die vroeë volwassene die toegepaste kennis kan bekom wat meebring dat onkunde die individu dikwels kortwiek en die nodige lewensvaardighede ontbreek.

8.3.3 Aanbevelings

Die volgende aanbevelings word gemaak ten opsigte van die ondersoek na vroeë volwassenheid as 'n lewensfase:

- Die wesenskenmerke van die vroeë volwasse lewensfase moet bestudeer en in ag geneem word in die ontwikkeling en aanbieding van lewensvaardigheidsprogramme.
- Aanbieders van lewensvaardigheidsprogramme moet oor deeglike kennis ten opsigte van die aard, besondere behoeftes en probleme van vroeë volwassenes beskik. Enige persoon kan nie sonder meer sodanige programme aanbied nie, aangesien dit die vroeë volwassene skade kan berokken. Van die professionele begeleier word buigsame, kreatiewe denke en kennis vereis.

8.4 Hoofstuk 3: Die bemagtiging van die vroeë volwassene deur instaatstellende lewensvaardigheidstrategieë

8.4.1 Samevatting

Maatskaplike werkers werk dikwels saam met geassosieerde werkers, gemeenskapsontwikkelaars, vrywilligers en ander professionele dissiplines. Die maatskaplike werker as lid van die span, fokus op samewerking en koördinerende van die dienste om te verseker dat elke begeleier sy spesifieke kundigheid tot die voordeel van die spesifieke individu of groep aanwend.

Bemagtiging is 'n proses van toenemende persoonlike-, interpersoonlike- en kollektiewe mag wat die individu, familie, gesinne, groepe en gemeenskappe toelaat om hul kwaliteit van lewe tot die maksimum uit te bou.

Die professionele begeleier staan die individu by om toenemend kapasiteit te ontwikkel om op so 'n wyse met hul omgewing in interaksie te tree, dat die individu se behoeftes aan gratifikasie, welsyn en tevredenheid verhoog word. Bemagtiging is ten nouste verweef met bevoegdheid, selfpersepsie, ondersteuningsisteme en die geloof dat die individu aksies, of aksies in samewerking met andere kan loods om sy psigososiale ontwikkeling te verbeter.

Lewensvaardighede impliseer die neem van verantwoordelike keuses. Die individu neem dus verantwoordelikheid vir sy eie lewe en help homself. Lewensvaardighede is vervolgens ook 'n voorvereiste vir potensiaalontwikkeling.

Die individu benodig 'n versameling van lewensvaardighede, verspreid oor verskillende lewensterreine. Verskeie skrywers identifiseer 'n wye reeks lewensvaardighede wat strek oor 'n wye spektrum van die individu se lewe. Die vaardighede ter sprake is: Selfpersepsie, interpersoonlike- en interaktiewe vaardighede, gevoelsvaardighede, denkvaardighede, beroepsvaardighede, probleemoplossende- en besluitnemingsvaardighede asook die vaardigheid tot aktiewe leer, inoefening en vernuwing.

Sekere positiewe en negatiewe faktore speel 'n rol in die aanleer van lewensvaardighede.

Lewensvaardighede kan effektief deur middel van 'n vyf fase strategie (DASIE model) aangeleer word.

Besluitneming, probleemoplossing en eksperimentele leer, inoefening en ver-nuwing kan as die vernaamste strategië in die bemagtigingsproses van die vroeë volwassene onderskei word.

8.4.2 Gevolgtrekkings

- Die maatskaplike werker as lid van die multi-dissiplinêre span behoort 'n sleutelrol in die koördinerings van dienste te speel om te verseker dat elke spanlid sy spesifieke kundigheid tot die voordeel van die individu, groep en gemeenskap kan bydra. Die teoretiese- en praktiese opleiding van die maatskaplike werker maak dit moontlik.
- Veral die maatskaplike werker is toegerus om die kwaliteit van lewe van die individu, groep of gemeenskap, uit te bou, aangesien bedrewenheid in assessering, onderhoudsvaardighede en potensiaalontwikkeling deel van die maatskaplikewerkopleiding uitmaak.
- Die professionele helper/maatskaplike werker, begelei die individu tot die neem van eie verantwoordelikheid en die maak van deurdagte keuses.
- Die versameling van verskillende lewensvaardighede wat deur die vroeë volwassene benodig word, behoort kundig geïdentifiseer en met die individu bespreek te word, asook die positiewe- en negatiewe faktore wat die aanleer van lewensvaardighede bevorder of strem.

8.4.3 Aanbevelings

- Terapie en behandeling vir die probleme en behoeftes van die vroeë volwassene is beskikbaar, maar voorkoming en verryking geniet nie genoeg aandag in Suid Afrika nie.

- Die aanleer van lewensvaardighede behoort 'n sterk voorkomende benadering te hê met 'n fokus op die toerusting tot die lewe.
- Te min voorkomende- en verrykende lewensvaardigheidsprogramme is in die skole beskikbaar en behoort aandag te geniet.
- Die aanleer van lewensvaardighede kan op verskillende wyses aangebied word. Individue kan op 'n een-tot-een basis bemagtig word, terwyl kleiner en groter groepe deur die professionele begeleier, sowel as die onderlinge interaksie met mekaar, bemagtig word. Deur middel van werkwinkels, kursusse en gemeenskapswerkprojekte, kan gemeenskappe voordeel uit die bemagtigingsproses trek.
- Die maatskaplike werker, wat bedrewe is in al drie metodes, naamlik werk met individue, groepe en gemeenskappe, is die mees kundige persoon om die bemagtigingsprogram te hanteer.
- Die professionele begeleier/maatskaplike werker behoort voortdurend nuwe plaaslike en oorsese kennis te implementeer en te alle tye op hoogte van die behoeftes en probleme van die vroeë volwassene te bly. Indien nodig, behoort die bemagtigingsproses en die spesifieke lewensvaardighede waaraan aandag gegee moet word, aangepas te word.
- Lewensvaardigheidsprogramme moet op 'n wetenskaplike wyse ontwikkel en aangebied word aangesien lukraak onwetenskaplike programme dikwels skade berokken.
- Lewensvaardigheidsprogramme behoort ook vir ander lewensfases en andersoortige omstandighede en groepe ontwikkel te word.
- Die lewensvaardigheidsprogram moet op 'n deurlopende basis aan evaluering onderwerp word en die invloed daarvan op 'n wetenskaplike wyse

getoets word. Dit word sterk aanbeveel dat die begeleiers van programme of die maatskaplike werker, beskikbare gestandaardiseerde meetinstrumente in hierdie verband benut. Op hierdie wyse sal 'n hoë standaard van lewensvaardigheidsprogramme gehandhaaf word.

- Dit word aanbeveel dat die professionele begeleier oor die kundigheid van die implementering van die DASIE model moet beskik, ten einde die vroeë volwassene aan te moedig om geïdentifiseerde lewensvaardighede aan te leer.
- Besluitneming, probleemoplossing, eksperimentele leer, inoefening en vernuwing as strategieë ter bemagtiging, kan ook as enkele temas aangebied word of deel vorm van die lewensvaardigheidsprogram in sy geheel.
- Lewensvaardigheidsprogramme behoort bemark te word ten einde die individu/groepe/gemeenskappe bewus te maak van die waarde daarvan. Indien die professionele begeleier/maatskaplike werker met die nodige wetenskaplike ingesteldheid en toewyding tot hierdie vorm van intervensie toetree kan die resultate daarvan 'n sneeubaleffek op ander individue hê en motiveer om ook sodanige programme te deurloop.

8.5 Hoofstuk 4: Die ontwikkeling van 'n lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes

8.5.1 Samevatting

Ten einde 'n effektiewe lewensvaardigheidsprogram (intervensieprogram) vir die vroeë volwassene daar te stel, moet die ontwikkeling van 'n program vanuit 'n teoretiese verwysingsraamwerk gefundeer word.

Die model van Rothman & Thomas word in ses fases verdeel wat van toepassing gemaak kon word op hierdie studie:

- **Fase 1:** Behels die probleemanalise en projekbeplanning. Tydens hierdie fase is die respondente geïdentifiseer en betrek, toegang en samewerking is vanuit die omgewing verkry en die behoeftes van die populasie is geïdentifiseer. Vervolgens is die geïdentifiseerde behoeftes geanaliseer en doelstellings en doelwitte is opgestel.
- **Fase 2:** Die insameling van data en sintesevorming. Tydens hierdie fase is gebruik gemaak van bestaande inligtingsbronne, natuurlike voorbeelde is bestudeer, terwyl die funksionele elemente van suksesvolle modelle ook geïdentifiseer is.
- **Fase 3:** Die ontwerp. Prosedures van intervensie is gedurende hierdie fase gespesifiseer.
- **Fase 4:** Vroeë ontwikkeling en voorlopige toetsing. 'n Prototipe of voorlopige intervensie is ontwikkel, terwyl 'n voorlopige toetsing daarna uitgevoer is. Kriteria van die ontwerp is ook in die voorlopige intervensie/konsep aangewend.
- **Fase 5:** Evaluasie en gevorderde ontwikkeling. 'n Eksperimentele ontwerp is geselekteer, data is ingesamel en geanaliseer. Die aksie is gedupliseer.
- **Fase 6:** Disseminasie. Tydens hierdie fase word die produk vir disseminasie voorberei. 'n Potensiële mark vir intervensie word geïdentifiseer terwyl 'n behoefte vir die intervensie geskep word. Fase ses is egter nie tydens die studie toegepas nie.

Die belangrikste elemente wat 'n rol speel in die ontwikkeling van 'n program, verdien ook aandag, naamlik programmonitering, die impak of uitkoms van die program, koste effektiwiteit en evalueerbaarheid van die program.

Die professionele begeleier self is een van die belangrikste elemente in die ontwikkeling van 'n program. Die ondersteunende verhouding, opvangvaardighede en sessie agenda vaardighede is van belang. Die professionele begeleier moet ook oor gespreks-, demonstrerings- en afrigtingsvaardighede beskik.

Die maatskaplike werker as professionele begeleier, het 'n identifiseerbare rol te speel, naamlik dié van gids, fasiliteerder, deskundige, beplanner, organiseerder, motiveerder en opvoeder.

Die geïntegreerde rol van die maatskaplike werker as professionele begeleier in die lewensvaardigheidsprogram is ook onderskei, naamlik onder andere die uitspel van hulpbronne, die identifisering van swakhede en kragte van die individu, die ontwikkeling van selfhelpkapasiteit en die aktiewe begeleiding van die vroeë volwassene tot optimale psigososiale ontwikkeling.

8.5.2 Gevolgtrekkings

- Die waarde van die model van Rothman en Thomas was dat die lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes vanuit 'n wetenskaplike verantwoordbare, teoretiese verwysingsraamwerk gefundeer is.
- Die ses fases van bogenoemde model was van besondere toepassing op die studie.
- Die voorafgaande literatuurhoofstukke (2 & 3) het 'n basis verleen vir die ontwikkeling van die lewensvaardigheidsprogram. Hoofstuk vier het die teoretiese raamwerk tot die ontwikkeling verskaf.

- Nadat die probleemanalise gedoen is en die projek beplan is, is data ingesamel en 'n sintese daarvan gemaak. Die program is ontwerp aan die hand van die inligting wat verkry is, kenners wat nasionaal en internasionaal insette gelever het, relevante nasionale konferensies wat bygewoon is en die navorser se praktykervaring wat met die teorie geïntegreer is.
- Die program is ook vervolgens ontwerp uit bogenoemde ryk bron van inligting wat ontgin en benut is. Die gebrek aan 'n wetenskaplik gefundeerde program, spesifiek gerig op die behoeftes en probleme van die vroeë volwassene, het die noodsaaklikheid van sodanige program beklemtoon.
- Die navorsingsontwerp wat geselekteer is, was effektief, asook die vroeë ontwikkeling en voorlopige toetsing. Die aangepaste prosedure tydens die vooronderzoek, het effektief blyk te wees.
- Vir die finale evaluasie en gevorderde ontwikkeling is die kwasi-eksperimentele eengroep–voortoets–natoets ontwerp benut. Die 42 respondente wat deel van hierdie studie uitgemaak het, is volgens doelgerigte steekproeftrekking geselekteer, wat effektief was.
- Die laaste stap in die proses van intervensienavorsing is vir die doeleindes van hierdie navorsing nie deurloop nie (Fase 6). Die lewensvaardighedsprogram vir vroeë volwassenes sal na afloop van hierdie navorsingstudie vir uiteindelijke disseminasie gereed gemaak word. Daar is egter groot belangstelling onder ander Universiteite, Teknikons en professionele kundiges vir die verspreiding van hierdie produk.
- Ten einde die program wetenskaplik te ontwikkel, was die geïdentifiseerde elemente in die proses van intervensienavorsing, van groot belang.

- Tydens die onderhawige studie is sleutelvrae ter program monitering gevra, onder andere of die program die geskikte teikenpopulasie bereik het, of die program se dienslewering konstant en bestendig ten opsigte van die ontwerp spesifikasies was en of hulpbronne geïdentifiseer en uitgebrei is. Op hierdie wyse is die kwaliteit en wetenskaplike verantwoordbaarheid van die program verseker.
- Die impak of uitkoms van die program is gemeet, wat getoon het dat die program, na aanleiding van die navorsingsresultate, effektief was. Verandering is in die regte rigting bewerkstellig en die sukses van die program en die respondente se internalisering van lewensvaardighede was betekenisvol.
- Die program is dus bruikbaar, effektief en nuttig bewys. Die program was ook in terme van tydsbenutting en koste effektief.
- Die evalueerbaarheid (nuttigheidsevaluering) van die program is in terme van die benutting van die resultate belangrik. Die program kan dus in die toekoms spesifiek gebruik word vir die doel waarvoor die navorsingstudie aangepak is.
- Die professionele begeleier, as een van die belangrikste elemente in die ontwikkeling van 'n program, behoort ongetwyfeld oor kundigheid en vaardigheid op vele terreine te beskik, wat vereis dat die professionele begeleier ook vertrouwd behoort te wees met die teoretiese model van Rothman en Thomas.
- Die aanwending van die onderskeie tradisionele rolle van die maatskaplike werker, komplimenteer die implementering van die program op 'n vak-kundige wyse. Die maatskaplike werker is dus vanweë teoretiese en

praktiese opleiding, 'n geskikte kundige in die uitvoering van die lewensvaardigheidsprogram.

8.5.3 Aanbevelings

- Die waarde van 'n model soos dié van Rothman & Thomas in die ontwikkeling, toepassing en evaluering van 'n program, behoort nie onderskat te word nie en kan met vrug gebruik word in verdere programontwikkeling. Die 6 fases, soos deur Rothman en Thomas geïdentifiseer, is dus uiters bruikbaar in die proses van programontwikkeling en dit word aanbeveel dat die professionele begeleier die model as vertrekpunt aanwend.
- Die aanbieders van lewensvaardigheidsprogramme moet opgelei wees in die beginsels van die daarstel van 'n ondersteunende verhouding, menslike interaksie, kommunikasie-, demonstresings- en opvangvaardighede. Wanneer in gedagte gehou word dat groepe bestaande uit groot of klein getalle die program tegelyktydig kan meemaak, word dit sterk aanbeveel dat 'n leek op die gebied nie die proses sal fasiliteer nie. Die aanbod van 'n lewensvaardigheidsprogram vereis verantwoordelike toetrede tot die vroeë volwassene se leefwêreld wat met groot respek en omsigtigheid hanteer moet word.
- Die lewensvaardigheidsprogram behoort op 'n deurlopende basis geëvalueer te word en die invloed daarvan moet op 'n wetenskaplike wyse bepaal word. Die teoretiese evaluering kan dus vanuit die model van Rothman en Thomas geskied.

8.6 Hoofstuk 5: Die lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes

8.6.1 Samevatting

Die oogmerke van die lewensvaardigheidsprogram was om die vroeë volwassene as unieke mens te begelei tot 'n meer positiewe selfpersepsie asook optimale positiewe psigososiale funksionering.

Fundamentele lewensvaardighede, naamlik die vorming en vestiging van selfpersepsie en interpersoonlike verhoudings moes aandag geniet.

'n Verdere oogmerk was om die vroeë volwassene te begelei in die maak van spesifieke lewenskeuses, van toepassing op die lewensfase waarin die individu hom bevind. Dit sluit die keuse van 'n beroep, lewensmaat en die keuse van effektiewe persoonlike bestuur in.

Strategieë en instaatstellende aktiwiteite naamlik probleemoplossende- en besluitnemingsvaardighede asook aktiewe leer, inoefening en vernuwingsvaardighede moes ook suksesvol bemeester word.

Die lewensvaardigheidsprogram het uit 6 temas bestaan wat oor 6 weke aangebied is:

- **Tema 1:** "Wie is ek?"
- **Tema 2:** Temperament en doelstellings.
- **Tema 3:** Persoonlike tydsbestuur.
- **Tema 4:** Kommunikasievaardighede en verhoudings.

- **Tema 5:** Die keuse van 'n lewensmaat en die 14 komponente van 'n verhouding.
- **Tema 6:** Probleemoplossing, besluitneming, aktiewe leer, inoefening en vernuwing.

Tydens die sessies is van sekere bestaande toerustingsmateriaal gebruik gemaak, soos onder andere die Hudson Selfbeeldskaal (Bylae 1) en die temperamentsvraelys van Tim La Haye (Bylae 3).

Nuwe programmateriale is egter ook ontwikkel soos onder andere die proses van: "Positiewe herdefiniëring van die self" (Bylae 2), die riglyn vir tydsbestuur- en beplanning (Bylae 4), besluitneming (Bylae 6) en probleemoplossing (Bylae 7).

8.6.2 Gevolgtrekkings

- Die doelstelling en oogmerke van die lewensvaardigheidsprogram is gerig op die spesifieke behoeftes en probleme wat die vroeë volwassene gedurende hierdie lewensfase ervaar. Die temas wat aangespreek is, het voortgespruit uit die literatuurstudie, die bydrae van kenners en navorsers se praktykervaring. Die program was suksesvol ten opsigte van bogenoemde doelstelling en oogmerke.
- Tans bestaan daar nie 'n lewensvaardigheidsprogram wat vir die vroeë volwassene saamgestel en wetenskaplik getoets is nie. Die lewensvaardigheidsprogram voorsien dus in 'n groot leemte.
- Alhoewel die program in die eerste plek vir die vroeë volwassene ontwikkel is, het dit steeds ook uitgebreide moontlikhede. Die program is buigsaam en kan in terme van inhoud, tydskeudule en teikengroep aangepas word.

- Na afhandeling van hierdie navorsingstudie, kan daar tereg gekonstateer word dat die lewensvaardigheidsprogram effektief is en 'n bydrae tot die maatskaplike werk gelewer het. Nie alleen het die program 'n bydrae tot die maatskaplike werk as vakgebied gelewer nie, maar ook die bevoegdheid van die professie maatskaplike werk, met toegepaste kennis en ervaring, in die aanbied van die program, uitgelig.
- Terugvoer verkry vanaf respondente, ander vroeë volwassenes wat die program deurloop het, kollegas en medepersoneel, dui daarop dat die navorser 'n effektiewe lewensvaardigheidsprogram ontwikkel en geïmplementeer het.
- Navorser se entoesiasme, toewyding en passie teenoor die vroeë volwassene, het 'n persoonlike stempel op hierdie program afgedruk, wat daartoe gelei het dat die program aan beide teoretiese- en praktykvereistes voldoen het.

8.6.3 Aanbevelings

- Dit word aanbeveel dat die lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes aan voortdurende evaluasie onderwerp word, aangesien die behoeftes van die teikengroep en die gemeenskap dinamies is en deurlopend kan verander. Nuwe temas kan hieruit voortvloei wat kreatief in die program vervat kan word.
- Deurlopende opleiding vir die aanbied van hierdie program is noodsaaklik. Professionele begeleiers, waaronder maatskaplike werkers, benodig opleiding in terme van vroeë volwassenheid as lewensfase, die vaardighede vir die aanbieding van die program en die wyse van kreatiewe, verantwoordelike implementering van die program.

- Die program is dus nie noodwendig suksesvol in enige begeleier of maatskaplike werker se hande nie en elemente van kennis, ondervinding, toewyding, kreatiwiteit en entoesiasme behoort beslis aanwesig te wees tydens die implementering van die program.

8.7 Hoofstuk 6: Navorsingsmetodologie

8.7.1 Samevatting

Die eengroep-voortoets-natoets kwasi-eksperimentele ontwerp het daaruit bestaan dat daar eerstens 'n meting van die afhanklike veranderlike (01-voortoets) geneem is. As tweede stap is die onafhanklike veranderlike (program) toegepas waarna 'n verdere meting van die afhanklike veranderlike (02-natoets) geneem is. Die metings van 01 en 02 is daarna met mekaar vergelyk.

Die resultate van die voor- en natoets is dus met mekaar vergelyk om die impak (gevolg of uitkoms) van die intervensie te bepaal, hoewel die navorser deurgaans bewus gebly het van tussenveranderlikes soos geslag, ouderdom en vlakke van psigososiale ontwikkeling wat 'n moontlike invloed op die resultate kon hê.

Die vroeë volwassene wat by die Afdeling Studente-ondersteuning aan die Universiteit van Pretoria kom aanmeld het, het met verskillende behoeftes en probleme gepresenteer, wat in hoofstuk 6 bespreek is.

Nadat die respondente hulle bereid verklaar het om aan die navorsingstudie deel te neem, is die prosedures aan hulle uitgespel en tydens die eerste sessie van die lewensvaardigheidsprogram, is die voortoets uitgevoer deur gebruik te maak van twee gestandaardiseerde meetinstrumente.

Hierdie twee gestandaardiseerde meetinstrumente, naamlik die Selfpersepsieskaal en die Psigososiale Funksionering Inventaris, van die Perspektief Opleidingskollege, is benut ten einde die selfpersepsie en psigososiale funksionering van die respondente te meet. Die Psigososiale Funksionering Inventaris (PFI) meet psigososiale funksionering met behulp van twee skale naamlik die Innerlike Interaksie Skaal en Gedragskaal. Dié Psigososiale Funksionering Inventaris onderskei ook positiewe- en negatiewe funksioneringsareas van innerlike interaksie en gedrag.

Die positiewe funksioneringsarea meet 3 konstrunkte naamlik: bereikingsgerigtheid, tevredenheid en verwagtinge, terwyl die negatiewe funksioneringsarea die konstrunkte frustrasie, spanning en hulpeloosheid meet.

Die Selfpersepsie Skaal (SPS) daarenteen, meet die konstrunkte innerlike sekuriteit, selfbestuur en selfwaarde.

Aangesien die Psigososiale Funksionering Inventaris en Selfpersepsieskaal Innerlike Interaksie en Gedrag toets, kon die positiewe/negatiewe uitkoms (invloed) van die lewensvaardigheidsprogram wetenskaplik en empiries bepaal word. Die vroeë volwassene het dus vòòr die implementering van die lewensvaardigheidsprogram enersyds oor 'n persepsie beskik en andersyds sekere innerlike reaksies beleef, wat sekere uitreagerende gedrag tot gevolg gehad het. Met hierdie belewenisse en gedrag het hulle by die Afdeling Studente-ondersteuning kom aanmeld. Die lewensvaardigheidsprogram is vervolgens geïmplementeer, waarna die meetinstrumente weereens persepsie enersyds en Innerlike Interaksie en Gedrag op die positiewe- en negatiewe funksioneringsareas andersyds, getoets het.

Daar is dus bepaal of die deurloping van die lewensvaardigheidsprogram tot 'n verbeterde selfpersepsie en psigososiale funksionering aanleiding gegee het.

8.7.2 Gevolgtrekkings

- Die Selfpersepsieskaal en Psigososiale Funksionering Inventaris, het effektief geblyk te wees om as meetinstrumente in die eengroep-voortoets-natoets aan te wend.
- Aangesien bogenoemde meetinstrumente gestandaardiseer is, kon wetenskaplike verantwoordbare data verkry en verwerk word.
- Die aanwending van gestandaardiseerde meetinstrumente tydens die proses van kwantitatiewe navorsing, het verseker dat die data wetenskaplik volgens 'n effektiewe statistiese metode verwerk kon word.

8.7.3 Aanbevelings

- Dit word aanbeveel dat die lewensvaardigheidsprogram voortdurend geëvalueer sal word.
- 'n Kwantitatiewe navorsingsbenadering kan in die toekoms gekombineer word met 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering, aangesien dit werkbaar sou wees.
- Die Selfpersepsieskaal en die Psigososiale Funksionering Inventaris as meetinstrumente, kan ook effektief met individue, groter groepe, en ander bevolkingsgroepe geïmplementeer word. Dit word derhalwe aanbeveel dat hierdie meetinstrumente voortaan as deel van die meetinstrumente van die Afdeling Studente-ondersteuning van die Universiteit van Pretoria benut word.

8.8 Hoofstuk 7: Empiriese bevindings

8.8.1 Samevatting

- Samevattend kan die **biografiese inligting** soos volg weergegee word:

Twee en veertig respondente is met behulp van steekproeftrekking geselekteer en wel na aanleiding van geïdentifiseerde kriteria soos ouderdom, bereidheid om die program te deurloop en die presentering van toepaslike psigososiale behoeftes en probleme.

- Die ouderdomsverspreiding van die respondente was onderskeidelik, naamlik: 18–19 jaar (30,95%), 20–22 jaar (47,62%) en 23–25 jaar (21,43%). Beide geslagte sowel as Afrikaans- en Engelsprekende respondente was verteenwoordig.
- Dames respondente was 61,90% verteenwoordig, terwyl manlike respondente 38,10% van die respondentegroep uitgemaak het.
- Die studierigtings van die Fakulteite Geesteswetenskappe, Ingenieurswese, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Opvoedkunde, Natuurwetenskappe, Mediese en Gesondheidswetenskappe en Regsgeleerdheid is verteenwoordig.
- Die **empiriese resultate** is deur middel van die gestandaardiseerde metingsinstrumente, naamlik die Selfpersepsieskaal en die Psigososiale Funksionering Inventaris verkry. Die konstrakte van albei metingsinstrumente is breedvoerig in hoofstuk 6 beskryf.

- Met behulp van die rekenaarverwerkingsprogram van beide meetinstrumente, asook die benutting van statistiese ontledings, kon die verbetering ten opsigte van al die konstrunkte aangedui word.
- Die volledige empiriese resultate wat op die respondent se verbeterde selfpersepsie en psigososiale funksionering gedui het, is in hoofstuk 7 weergegee.

8.8.2 Gevolgtrekkings

- Die respondente betrek by die studie, het 'n deursnit van die studentegemeenskap verteenwoordig.
- Nadat die navorsingsprosedure deurloop is, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die kwasi-eksperimentele ontwerp toepaslik en uitvoerbaar was.
- Die navorsingsresultate wat na die eengroep-voortoets-natoets verkry is, het beduidende intervalsverbeteringe by die respondente getoon en die navorsingsprosedures sowel as die meetinstrumente was dus effektief en toepaslik.
- Die intervalsverbetering van die respondente ten opsigte van hul totale selfpersepsie, was beduidend positief. Daar het 'n betekenisvolle verbetering by 32 van die 42 respondente plaasgevind wat 'n persentasie van 76,19% van die respondente impliseer.
- As die empiriese gegewens van die konstrunkte van die Selfpersepsieskaal ontleed word, blyk dit dat al drie konstrunkte, verbeter het. Nege en twintig van die 42 respondente het 'n aansienlike intervalsverbetering ten opsigte van **innerlike sekuriteit** getoon. Betekenisvol is die feit dat 10 respondente (23,81%) 'n verbetering van so hoog soos 21–30 punte getoon het.

Selfbestuur as konstruk, het 'n betekenisvolle verbetering in 31 (73,38%) van die 42 respondente getoon terwyl **Selfwaarde** 'n betekenisvolle verbetering by 28 respondente (66,67%) getoon het.

- Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die gestandaardiseerde Selfpersepsieskaal, aandui dat die lewensvaardigheidsprogram 'n betekenisvolle persentasie verbetering ten opsigte van al die konstrunkte teweeggebring het, naamlik 'n gemiddelde verbetering van **innerlike sekuriteit** (12,85%), **selfbestuur** (12,23%) en **selfwaarde** (13,64%). Die **gemiddelde** selfpersepsie verbetering by die respondente was 12,92%, wat dus op 'n betekenisvolle verbetering ten opsigte van die individu se selfpersepsie dui.
- Die Psigososiale Funksionering Inventaris het deur middel van die Innerlike Interaksie Skaal en die Gedragskaal, 3 konstrunkte van die positiewe funksioneringsareas naamlik **bereikingsgerigtheid**, **tevredenheid** en **verwagtinge** gemeet. Sowel **bereikingsgerigtheid**, **tevredenheid** en **verwagtinge** het 'n verbetering getoon naamlik, **bereikingsgerigtheid** (IIS) (8,95%), **bereikingsgerigtheid** (GBS) (9,40%), **tevredenheid** (IIS) (13,16%), **tevredenheid** (GBS) (9,90%), **verwagtinge** (IIS) (11,97%) en **verwagtinge** (GBS) (9,50%).
- Die Psigososiale Funksionering Inventaris het ook deur middel van die Innerlike Interaksie Skaal en Gedragskaal, 3 konstrunkte van die negatiewe funksioneringsareas naamlik **frustrasie**, **spanning** en **hulpeloosheid** gemeet. Die gegewens het aangedui dat die individu se negatiewe gedrag en belewenis ten opsigte van **frustrasie**, **spanning** en **hulpeloosheid**, 'n verbetering getoon het, naamlik **frustrasie** (IIS) (11,50%), **frustrasie** (GBS) (4,69%), **spanning** (IIS) (14,35%), **spanning** (GBS) (6,90%), **hulpeloosheid** (IIS) (17,71%) en **hulpeloosheid** (GBS) (12,09%) wat op 'n meer positiewe psigososiale funksionering gedui het.

- Die lewensvaardigheidsprogram was dus suksesvol aangesien daar 'n beduidende betekenisvolle verbetering in al die konstrukte aanwesig was. As die positiewe funksioneringsareas se verbetering dus in totaliteit bereken word, was die gemiddelde persentasie verbetering 10,50%, terwyl die gemiddelde persentasie verbetering ten opsigte van die negatiewe funksioneringsareas 11,16% was.

Die statistikus van die Universiteit van Pretoria was van mening dat die empiriese bevindinge beduidend en baie positief is, wat op 'n suksesvolle en wetenskaplike navorsingstudie en implementering van die lewensvaardigheidsprogram gedui het.

Die studie dui dus ongetwyfeld op 'n suksesvolle ontwikkeling, implementering en evaluering van die lewensvaardigheidsprogram ten einde die vroeë volwassene tot verbeterde selfpersepsie en maksimale psigososiale funksionering te bemagtig.

8.8.3 Aanbevelings

- Daar word aanbeveel dat gestandaardiseerde meetinstrumente gebruik word om die sukses al dan nie van die lewensvaardigheidsprogram te toets. Op hierdie wyse vind evaluasie plaas wat uiteindelik van waarde kan wees in die aanpassing en heraanbieding van die program. Dit verseker ook dat die proses voortdurend wetenskaplik verantwoord kan word.
- Verdere navorsing word aanbeveel en wel ten opsigte van die ontwikkeling van soortgelyke lewensvaardigheidsprogramme vir ander lewensfases, persone uit ander ouderdomsgroepe en kulture.
- Lewensvaardigheidsprogramme vir implementering by skole word dringend aanbeveel, ten einde meer proaktief en voorkomend op te tree.

- Daar word aanbeveel dat die voltooide navorsing, tesame met die empiriese bevindings vir publikasie in 'n vakkundige tydskrif voorberei word.

8.9 Toetsing van die doelstelling en doelwitte

8.9.1 Doelstelling

Die doelstelling van hierdie ondersoek was om 'n lewensvaardigheidsprogram ter bemagtiging van die vroeë volwassene met die oog op verbeterde selfpersepsie en psigososiale funksionering te ontwikkel, te implementeer en te evalueer.

Die navorser het in hierdie doel geslaag. 'n Volledige lewensvaardigheidsprogram vir die vroeë volwassene is aan die hand van bepaalde behoeftes, waar-genome aspekte, bewese praktykervaring en bestaande literatuur ontwikkel, waarna die program aan 'n vooronderzoek onderwerp is, aanpassings gemaak is, geïmplementeer en empiries getoets is.

Die sukses van die program is met behulp van gestandaardiseerde meetinstrumente, by wyse van 'n voor- en natoets, kwantitatief geëvalueer.

Daar is dus suksesvol in die doel van die ondersoek geslaag.

8.9.2 Doelwitte

Doelwit 1: Om vanuit 'n literatuurstudie en teoretiese verwysings-raamwerk, die fase, wesen-eienskappe, probleme, be-hoeftes en wyse van bemagtiging van die vroeë volwas-sene te beskryf.

'n Uitgebreide teoretiese ondersoek is na die lewensfase van vroeë volwassenskap geloods, waarin inligting oor die spesifieke fase, die wesenenskappe, eiesoortige probleme, behoeftes en strategieë ter bemagtiging ingewin en beskryf is. Kenners is ook nasionaal en internasionaal in hierdie verband gekonsulteer. Hierdie ondersoek het die nodige inligting as teoretiese verwerkingsraamwerk verskaf om die lewensvaardigheidsprogram te ontwikkel en om op die spesifieke behoeftes van die teikengroep te fokus. Die doelwit is dus bereik.

Doelwit 2: Om deur middel van Rothman & Thomas se model, die ontwikkeling van 'n lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes te beskryf.

Hierdie doelwit het gerealiseer en is suksesvol uitgevoer aangesien die model van Rothman & Thomas die teoretiese ontwikkeling van die lewensvaardigheidsprogram gerig en wetenskaplik fundeer het. Die belangrikste elemente van belang in programontwikkeling is onderskei asook die belangrike taak van die begeleier en maatskaplike werker in die begeleiding van die program.

Doelwit 3: Om gefundeer vanuit die literatuurstudie en bewese praktykervaring, 'n lewensvaardigheidsprogram te ontwerp.

'n Lewensvaardigheidsprogram vir die vroeë volwassene is ontwerp deur literatuurkennis sowel as bewese praktykervaring te integreer. 'n Praktyk leemte, naamlik die gebrek aan 'n toepaslike lewensvaardigheidsprogram, is effektief en suksesvol aangespreek. Hierdie doelwit is dus ook suksesvol uitgevoer.

Doelwit 4: Om die ontwikkelde lewensvaardigheidsprogram empiries te toets.

Die doelwit is uitgevoer en suksesvol afgehandel, aangesien die program kwantitatief, deur middel van die kwasi-eksperimentele eengroep–voortoets–natoets ontwerp en die gebruikmaking van die Selfpersepsie en Psigososiale Funksionering Inventaris gestandaardiseerde metingskale, ondersoek en getoets is.

Doelwit 5: Om vanuit die bevindinge van resultate, gevolgtrekkings en aanbevelings te maak met die oog op die toekomstige toepassing van die lewensvaardigheidsprogram.

Die doelwit is bereik aangesien gevolgtrekkings en aanbevelings aan die hand van bestudeerde literatuur, asook die volledige empiriese ondersoek ten opsigte van die toekomstige toepassing van die lewensvaardigheidsprogram gemaak is.

Hierdie aanbevelings sluit aan by die aard van toegepaste navorsing wat beoog om die situasie wat nagevors is, te verbeter en 'n bydrae te lewer.

Die doelstelling en doelwitte wat vir hierdie ondersoek gestel is, is dus suksesvol uitgevoer.

8.10 Toetsing van die navorsingshipotese en subhipoteses

8.10.1 Die navorsingshipotese en subhipoteses

Die navorsingshipotese wat vir die studie gestel is, is die volgende:

Indien die lewensvaardigheidsprogram aan die vroeë volwassene aangebied word, sal dit geen invloed op die selfpersepsie en psigososiale funksionering van die individu hê nie.

Gebaseer op die feit dat selfpersepsie in hierdie studie konseptueel drie konstrunkte omsluit naamlik **innerlike sekuriteit, selfbestuur en selfwaarde** en psigososiale funksionering konseptueel die volgende 6 konstrunkte omsluit, naamlik **bereikingsgerigtheid, tevredenheid en verwagtinge** (positiewe funksioneringsareas) en **frustrasie, spanning en hulpeloosheid** (negatiewe funksioneringsareas), is die volgende subhipoteses geformuleer:

- Indien die lewensvaardigheidsprogram aan die vroeë volwassene aangebied word, sal dit geen invloed op die **innerlike sekuriteit** van die individu hê nie.
- Indien die lewensvaardigheidsprogram aan die vroeë volwassene aangebied word, sal dit geen invloed op die **selfbestuur** van die individu hê nie.
- Indien die lewensvaardigheidsprogram aan die vroeë volwassene aangebied word, sal dit geen invloed op die **selfwaarde** van die individu hê nie.
- Indien die lewensvaardigheidsprogram aan die vroeë volwassene aangebied word, sal dit geen invloed op die **bereikingsgerigtheid** van die individu hê nie.
- Indien die lewensvaardigheidsprogram aan die vroeë volwassene aangebied word, sal dit geen invloed op die **tevredenheid** van die individu hê nie.

- Indien die lewensvaardigheidsprogram aan die vroeë volwassene aangebied word, sal dit geen invloed op die **verwagtinge** van die individu hê nie.
- Indien die lewensvaardigheidsprogram aan die vroeë volwassene aangebied word, sal dit geen invloed op die **frustrasie** van die individu hê nie.
- Indien die lewensvaardigheidsprogram aan die vroeë volwassene aangebied word, sal dit geen invloed op die **spanning** van die individu hê nie.
- Indien die lewensvaardigheidsprogram aan die vroeë volwassene aangebied word, sal dit geen invloed op die **hulpeloosheid** van die individu hê nie.

Dit kan statisties op die volgende wyse weergegee word:

Die algehele persentasie verbetering na die aanbied van die lewensvaardigheidsprogram was ten opsigte van die selfpersepsie 12,92% en ten opsigte van die positiewe psigososiale funksioneringsarea 10,50%, terwyl die verbetering ten opsigte van die negatiewe psigososiale funksioneringsarea 11,16% was.

Die nege konstrunkte het onderskeidelik die volgende verbetering getoon:

- Innerlike sekuriteit (12,85%)
- Selfbestuur (12,23%)
- Selfwaarde (13,64%)
- Bereikingsgerigtheid – Innerlike interaksie (8,95%)

- Bereikingsgerigtheid – Gedrag (9,40%)
- Tevredenheid – Innerlike interaksie (13,16%)
- Tevredenheid – Gedrag (9,90%)
- Verwagtinge – Innerlike interaksie (11,97%)
- Verwagtinge – Gedrag (9,50%)
- Frustrasie – Innerlike interaksie (11,50%)
- Frustrasie – Gedrag (4,69%)
- Spanning – Innerlike interaksie (14,35%)
- Spanning – Gedrag (6,90%)
- Hulpeloosheid – Innerlike interaksie (17,71%)
- Hulpeloosheid – Gedrag (12,09%)

8.10.2 Gevolgtrekking

- Die nulhipotese en subhipoteses word dus in hierdie studie verwerp en die alternatiewe hipotese/s word aanvaar, aangesien die empiriese data 'n beduidende verbetering ten opsigte van die selfpersepsie en psigososiale funksionering by die respondente aangetoon het.

- Die aanbieding van die lewensvaardigheidsprogram het dus 'n positiewe invloed op die selfpersepsie en psigososiale funksionering van die respondente bewys.

8.11 Die waarde van die navorsing vir die studieveld

- Tans bestaan daar geen wetenskaplik getoetste lewensvaardigheidsprogram die vroeë volwassene nie. Die program soos ontwikkel in hierdie studie, vul dus 'n praktykleemte aan en kan met groot vrug deur die Afdeling Studente-ondersteuning van die Universiteit van Pretoria as deel van die ondersteuningsdienste aan studente, aangewend word.
- Die program is koste effektief, buigsaam en maklik uitvoerbaar.
- Die lewensvaardigheidsprogram kan ook deur aanverwante dissiplines benut word, mits die begeleiers die nodige kennis het en opleiding ondergaan het.

8.12 Die waarde van die navorsing vir maatskaplike werk

- Die ontwerpte lewensvaardigheidsprogram vir die vroeë volwassene het 'n leemte in die maatskaplikewerkberoep gevul, aangesien daar tans geen soortgelyke, wetenskaplik getoetste program bestaan nie.
- Die program is veelsydig en kan met die nodige omsigtigheid aangepas word om ook individue uit ander lewensfases te bemagtig.
- Die waarde van kleiner groepe in die suksesvolle internalisering van lewensvaardighede is deur die navorsingstudie bevestig. Die maatskaplike-werkberoep is by uitstek geskool vir dié taak en intervensiemetode.

- Die lewensvaardigheidsprogram begelei die vroeë volwassene deur 'n moeilike veeleisende tydperk in sy lewe. Die program het voorkomingswaarde en bemagtig nie net die vroeë volwassene gedurende hierdie lewensfase nie, maar ook die fases wat daarop volg. Deurloping van die lewensvaardigheidsprogram het dus 'n beleggingswaarde vir die toekoms.
- Die maatskaplikewerkberoep kan in die toekoms steeds 'n wetenskaplike bydrae tot die ontwikkeling van talle programme lewer en die nood in die gemeenskap op so 'n wyse aanspreek.
- Die lewensvaardigheidsprogram fokus onder andere sterk op die jeug wat in lyn met die bepalings van die Wit Skrif vir Maatskaplike Welsyn in Suid Afrika is. Die Witskrif (RDP White Paper, 1994: 9) verwys veral na die ontwikkeling van menslike potensiaal en bemagtiging van die jeug om hulle volle potensiaal te bereik. "Programmes for training, education and job creation will enable our youth to play a full role in the reconstruction and developement of our society" (RDP White Paper, 1994: 9).
- Die program kan ook toegepas word op individue, groepe en gemeenskappe van ander kulture. Dit is dus kultuurbillik. Maatskaplikewerkhulpverlening is gerig op verskillende kulture en bevolkingsgroepe.
- Die grootste waarde van die navorsing is daarin geleë dat daar vir die eerste maal 'n wetenskaplik gefundeerde en empiries getoetste program vir die spesifieke behoeftes en probleme van die vroeë volwassene bestaan.

8.13 Die waarde van die navorsing vir die navorser

- Die navorser se kennis is uitgebrei en die navorsingsproses was dinamies en opwindend. Die resultate van die studie het getoon dat dit die moeite werd was om soveel tyd en energie hieraan te spandeer.

- Dit is 'n bevredigende, motiverende gedagte dat 'n betekenisvolle bydrae, deur die toepassing van die lewensvaardigheidsprogram, in die lewe van jong Suid Afrikaners gelewer kan word.
- Die navorsing het die behoefte aan 'n gepubliseerde boek insake lewensvaardighede en die vroeë volwassene beklemtoon, wat 'n toekomstige doelwit vir die navorser geword het.
- Die navorser is ook gemotiveer om, in terme van die aanbieding van die lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes, internasionaal 'n bydrae te lewer.

8.14 Slotopmerking

Dit was vir die navorser 'n voorreg om 'n bydrae te kon lewer ten opsigte van hierdie opwindende studieveld. Die vroeë volwassene is en bly steeds vir die navorser 'n passie.

Leo Busgalia het opgemerk: "God gave me a gift, and what I do with my gift, is my gift to God".